26 Junie 2026 www.kerkbode.co.za | facebook.com/kerkbode Deel 258 – Nommer 161

KERKBODE





# Sinodesitting: NG Kerk Vrystaat kies wéér vir eenheid

LE ROUX SCHOEMAN

Ds Jan Lubbe het laat Dinsdag (9 Junie) afgevaardigdes bedank en afskeid geneem van sy rol as moderator van dié streeksinode. Sy opvolger, ds Christo Weideman (links bo), is die vorige dag verkies.

Lubbe se emosionele afskeidswoorde is staande toegejuig. Hy is steeds moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Onder Lubbe se voorsitterskap het Vrystaters twee buitengewone sinodesittings ingepas weens ingrypende teologiese verskille tussen gemeentes.

**Kollig-podsending | Sinodegangers deel indrukke**

Hoe het afgevaardigdes en gassprekers die NG Kerk Vrystaat se sinodesitting van 7-10 Junie beleef? *Kerkbode* praat op die laaste dag met afgevaardigdes Daleen Deacon en Hansie van Niekerk, asook ds Ulrich Ohlhoff, dr Nina Müller van Velden en dr Marinda van Niekerk van PEN en die nuwe Respond SA. **Luister by kerkbode.co.za**

*Kerkbode* het Lubbe vroeër gevra oor wat die wins van daardie twee geleenthede was. Só het hy gereageer:

"In die aanloop na daardie twee buitengewone sinodes in April 2023 en Oktober 2024, en met die Algemene Sinode ook tussen dié twee, het ons in die Vrystaat in uitgebreide gesprekke met mekaar gesoek na 'n welwillende weg vir almal in al die 149 gemeentes; ons moes baie goed na mekaar leer luister, mekaar leer verdra.

En ons het drie keer gekies om mekaar nie te laat los nie; ook nie die ander NG gemeentes en kollegas en vergaderinge buite die Vrystaat nie – ons het gekies vir 'n familieverband, al is die eenheid soms ook moeilik, en dikwels broos.

Terselfdertyd, ons het duidelik vir mekaar gesê dat ons glo die Bybel is God se Skrifgeworde Woord, wie Jesus Christus is, waarom ons moet bid verlos ons van die Bose, hoe die Kerk haar roeping in hierdie wêreld moet vervul. Dít staan in die notules van daardie sinodes."

**Lees *Kerkbode* se sinodenuusdekking by kerkbode.co.za.**
**Foto's: Le Roux Schoeman.**



Foto: Helène Meissenheimer

***Oud-onderwyser sterf kort na hy sy eie storie van heelword vertel.*** - bl 4

# Twee Kinderbybels

## Een geloofsreis

Verhale wat geloof bou, liefde laat groei en kinders help om Jesus beter te leer ken.




### 52 van die bekendste Bybelstories wat geloof laat groei


Al die stories in hierdie Kinderbybel word só oorvertel dat jong kinders dit maklik sal kan verstaan en onthou. Boonop sal hulle die ABC op 'n prettige manier leer ken. Hulle kan die letters van die alfabet in die kleurvolle illustrasies soek.

Dié stories uit die Ou en Nuwe Testament sal kinders laat ontdek hoe lief Jesus vir hulle is.

### 66 dierestories wat kinders Jesus se liefde laat ontdek

Jong kinders se verbeelding sal aangegryp word deur donkies wat sien wat mense nie kan sien nie, heuning in 'n leeu se geraamte en 'n groot vis wat 'n boodskapper van God insluk.

Die stories oor 'n herder en sy skape, Jesus wat op 'n donkie ry, 'n seun wat varke moes oppas, en nog baie ander, sal 'n vlam van liefde vir Jesus in hulle harte aansteek.




### My eerste speel-en-leer-Bybel is die perfekte Aktiwiteitsbybel om saam met hierdie twee nuwe Kinderbybels te gebruik

In hierdie Aktiwiteitsbybel ontdek kleuters en kinders van die mooiste stories in die Bybel: van Adam en Eva, Josef en Ester tot by Jesus en sy vriende, Jakobus en Lidia.

Terwyl hulle die prettige aktiwiteite doen, leer ken hulle die 100 belangrikste verhale in die Ou en die Nuwe Testament. Hulle ontmoet ook 50 van die bekendste mense in die Bybel.

BM BYBEL-MEDIA

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**

# Leergeleentheid daag verteenwoordigers uit

Deur 'n intensiewe leergeleentheid vir verteenwoordigers van bykans al die NG Kerk se samestellende sinodes is sowat 11 deelnemers van 1-2 Junie in die Wes-Kaap uitgedaag om op nuwe wyses en onder tydsdruk saam te werk aan die verpakking van kerknuus.

Die formaat was prakties en uitkomsgerig. Die tema was: 'Storiekaart: Waar stories leef'. Deelnemers moes in spanverband binne enkele ure inhoud uit hulle kontrei "plant" op 'n interaktiewe "storiekaart", wat spesiaal vir die geleentheid ontwerp is en weldra uitgebou sou kon word.

"Die Storiekaart gee 'n prentjie van die werksaamhede van die NG kerk. Dit help om 'n bewussyn te bring dat 'n gemeente nie op sy eie is nie maar deel van die groter kerkverband van die NG Kerk," het dr Johan Botha



gesê. Botha het Oostelike Sinode verteenwoordig.

**Juan du Toit** van die NG Kerk Vrystaat het gesê die interaksie met ander deelnemers het hom laat voel hulle as kommunikasiespan kan by mekaar leer en mekaar help om gemeentes se stories te help bekend-

*Volg die skakel om die kaart te verken*

maak.

**Louis Nel** van die NG Kerk in KZN het vertel dat hy eiehandig werk om dié streek se nuusbrief (Posduif) saam te stel en klokslag aan alle gemeentes te stuur. "(By hierdie slypskool) moes ek leer om deel te wees van 'n span … Dit was vir my 'n totaal nuwe benadering tot publikasie. Ek moes opnuut leer kyk na die verskillende elemente van publikasie van 'n storie. Die hele oefening was vir my van groot waarde, want na dese sal ek stories anders benader."

Vir **dr Nioma Venter**, die algemene sekretaris van die Algemene Sinode, was die slypskool 'n "viering van ons eenheid as kerk". Sy het bygevoeg: "Die inhoud van die stories waaroor berig word, is kosbaar en bemoedigend … Dit maak die voetspore van die NG Kerk deur die land en God se teenwoordigheid in mense se lewe en gemeenskappe op 'n besondere manier sigbaar," het sy van die voorlopige uitset gesê.

Buiten Goudland en die Sinode van Oos-Kaapland was al die NG Kerk se nege samestellende sinodes verteenwoordig by die oefening.

Dit was die derde saamkoms van sy soort om kapasiteit te help bou binne die kerkverband se sogenaamde e-Kommunikasienetwerk, waarby Venter nuwe asem probeer inblaas in die hoop om die NG Kerk se kommunikasievermoë te verbeter.

## Pinksterete in Table View

# 'Miskien is dit hoe Handelinge 2 gevoel het'

CECILE MURRAY-LOUW

Ons het daardie Donderdagaand in my minibus ingebondel en Table View toe gery – die jongste 17, die oudste 86. Dit was die einde van Pinksterweek by Durbanville-gemeente saam met ds Jaco Strydom, wat ons al dae lank herinner het aan Jesus se uitnodiging om stadig en lig te leef, om te luister, nader te beweeg, raak te sien.

Maar 'n mens kan maklik oor gemeenskapwees praat sonder om dit werklik te beleef. Ons wou meer doen as net hoor, ons wou voel. Ons wou brood breek. Ds Scherlize van der Merwe verseker my ons hoef niks te bring nie, maar ek sê vir my gemeentelede "kom ons neem koeldrank en deelbrode." Dit voel te vreemd om op 'n "uitreik" te gaan en op te daag sonder om iets by te dra.

Die Isibindi Echo-huis in Table View funksioneer vanuit die NG Kerk se kerksaal. Die ou Sondagskoolklasse om die rand van die saal is omskep in slaapkamers. In die oop ruimte in die middel staan 'n tafeltennistafel en rusbanke wat lyk asof baie stories al daarop gedeel is.

Met die intrapslag voel dit nie soos 'n projek nie: 'n Jong meisie speel op die klavier teen die muur, en 'n groep seuns is luidrugtig besig by die pooltafel op die verhoog. Dit voel soos mense wat 'n huisruimte skep en plek maak vir mekaar. Soos warm hoekies



van "belonging" wat voor ons oë wortel skiet.

Jongmense beweeg gemaklik tussen mekaar deur terwyl die reuk van warm sop en brood in die lug hang. Party lag en skerts, ander bly stiller op die agtergrond of help tafels dek. 'n Matriekinwoner fluister in my oor: "Daar is poeding ook". En skielik voel dit vreemd, nee selfs ongemaklik, dat ons gedink het óns is die mense wat iets kom bring.

Ons luister na 'n kort boodskap van ds Jaco Strydom, en ds Neil Steyn en van die jongmense begelei ons in lof en aanbidding. Dan is dit etenstyd. My tienerdogter "bond" moeiteloos met die drie jong inwoners aan ons tafel.

Ek verloor relatief vinnig die draad van hulle *pop culture* verwysings, memes en TikTok-grappies, en kom agter hulle het my glad nie nodig om gemaklik te wees met mekaar nie.

Die naam Isibindi beteken: "Wees dapper." Dit verg sekerlik baie dapperheid vir 'n onseker jongmens om saam met wildvreemdelinge aan tafel te sit. Nog meer om jou storie te deel. Om weer deel van iets soos "community" of huis te word nadat die lewe jou dalk vroeg al geleer het hoe broos veiligheid kan wees. Of hoe maklik dit, wat jou moes beskerm, jou teleurstel. Om jou hart oop te maak vir 'n Vader wat jou op die regte manier liefhet.

Ronel van Tonder het lank met Monique gesels – 'n jong meisie van die Kongo met groot drome vir haar toekoms. "Haar grootste vrees is om mense te vertrou," het Ronel later gesê. "Daai vriendelike gesiggies om ons tafel het my diep geraak."

Elske Badenhorst het ná die aand geskryf dat die besoek vir haar die Pinksterverhaal in Handelinge op 'n nuwe manier oopgemaak het. Mense van verskillende ouderdomme, agtergronde en verhale saam om tafels. Geloof het minder soos 'n idee en meer soos 'n gedeelde lewe begin voel toe ons saam lag en mekaar se name begin onthou.

Ds Marno Plaisier het later gesê: "Om saam met iemand anders 'n maaltyd te deel, bly iets diep persoonlik".

Miskien is dit wat my die meeste sal bybly van die aand – nie groot toesprake, slim preke of indrukwekkende planne nie, maar hoe maklik vreemdelinge vriende word wanneer jy saam eet.

Op pad terug huis toe was die bussie stiller as vroeër die aand. Elkeen van ons het nog gedink aan hoe die evangelie tasbaar geword het rondom blou-en-wit blokkiestafeldoeke, stomende sopbekers en sagte geselsies met mense wat vir mekaar plek en ruimte maak.

En nou weet ons ook: dit is hoe Handelinge 2 gevoel het.

**Ondersteun die inisiatief hier: https://isibindi.org.za/support-us**

# Die pad na heelword

Mense kyk anders na mense wat op straat bly, maar hulle het elkeen 'n storie om te vertel. Hy weet alte goed. Hy was immers een van hulle. Só het **Juan Odendaal** onlangs vir **Heléne Meissenheimer** vertel. 'n Paar dae later was hy dood.




Juan was 49 en 'n oud-onderwyser van Magaliesburg. Hy het net sowat 30% hartfunksie gehad maar almal wat hom geken het vertel hy het gelééf vir sy werk as uitreikwerker by 'n Kaapse oornagskuiling vir haweloses. Hier is sy storie.

**Onverwerkte trauma**

Baie mense vereenselwig haweloosheid met middelmisbruik en/of slegte lewensbesluite, maar by Juan het 'n mens gehoor dit was jare se onverwerkte trauma wat in 2024 sy hart laat ingee het.

Hy was drie maande in Groote Schuur-hospitaal. "Die dokters het gesê dit het niks te doen met leefstyl nie … die diagnose was onderliggende trauma," het Juan vertel.

Toe hy uitkom moes hy ontdek sy woonstel was uitverhuur aan iemand anders en sy woonstelmaat weg met alles. Al wat Juan by hom gehad het was die klere aan sy lyf, 'n bietjie kontant, 'n ouer model selfoon en 'n Shoprite-sakkie met toiletware.

"Daar was mense wat ek kon bel, maar ek was te skaam. Ek is nie iemand wat vra vir hulp nie," het hy onthou. Hy het drie nagte by Bellville se polisiestasie geslaap voor hy genoeg moed gehad het om by MES (MES staan vir Mold, Empower, Serve), 'n Christelike hulporganisasie, te gaan vra vir hulp. "Ek het voor Covid vir hulle kos gemaak en vetkoeke gebak," het hy vertel.

Sy gedagte was om een nag in MES se oornagskuiling in Parow (Bellville s'n was vol) te slaap en die volgende dag voor 'n trein in te spring. Gelukkig het Busi Memani, 'n uitreikwerker (vandag 'n maatskaplike hulpwerker by MES) besef iets is fout en vir drie dae gekeer dat hy saam met die ander bedags uitgaan om geld te probeer verdien.

Toe ontmoet hy een van die maatskaplike werkers. Sy het na sy storie geluister en Juan oortuig om in te skryf vir MES se vierstapontwikkelingsplan. Deur haar het hy ook vir eksterne beradingsessies begin gaan om deur sy trauma te begin werk.

Hy het vertel hy het aanvanklik net opgedaag vir die vierstapplan se werksessies maar soos die tyd aangestap het, het hy besluit om te begin saamwerk. Juan het gesê hy het ervaar hy begin heel word. "MES het geïdentifiseer ek het ook 'n storie om te vertel. As jy nie jou mond oopmaak nie, word jy nie heel nie," het hy gesê.

**'Dit was dit. Toe is my hele familie weg'**

In Pinkstertyd vanjaar het hy met tieners van die NG Gemeente La Rochelle gesels oor sy storie en hoe hy vandag mense help, maar vir jare was hy doodstil oor sommige dinge wat met hom gebeur het. Soos dat hy as kind vir jare gemolesteer is en op 22 tydens 'n vakansie deur 'n groep mans verkrag is.

Hy was ook in sy vroeë twintigs toe sy vrou vir hom en Juandré, hulle maandoue babaseuntjie, gelos het. Hulle was skaars 'n jaar getroud. Juan het hulle seun alleen grootgemaak.

Nogtans het dit na buite gelyk of dit goed gaan. Hy was vir 16 jaar onderwyser in Magaliesburg se omgewing en het vertel "ek was die een in ons gesin wat 'n goeie inkomste gehad het."

Toe sterf Juandré in 2016 na 'n skolerugbywedstryd in 'n motorongeluk. Hy was 16, onderhoofseun en het uitgedraf vir beide sy skool se eerste krieket- en rugbyspan.

Juandré se dood het gebeur net een jaar na Juan se suster dood is. Ook in 'n motorongeluk. Juan het vertel vir hom asook sy ouers, Philip en Amanda, was beide se dood 'n groot skok. Hy het sy werk as onderwyser bedank en op oorsese reise gegaan. Net soos wat hy en sy seun beplan het om na sy matriekjaar te doen. Hy het al sy spaargeld so opgereis, maar nog afsprake met die dood se uitkringeffek het op hom gewag.

In November 2017 sterf sy ma. Sy pa treur hom dood en sterf byna 'n jaar later. Toe sterf altwee sy oumas, ook 'n jaar uitmekaar en in 2021 neem sy jonger broer sy lewe.

"Dit was dit. Toe was my hele familie weg," het Juan vertel.

**'Daai was my ontmoeting om te weet daar is 'n *Higher Power*'**

Hy het gesê hy worstel nog by tye met God met vrae soos: "Hoekom kry ander soveel kanse en my seun is so vroeg weg? Hoekom het ek soveel mense verloor? Hoekom is ek nog hier?"

Terwyl hy by Parow in die oornagskuiling was, het hy egter 'n geestelike belewenis gehad wat hom gehelp het om weer in God te glo. Hy het vertel daar was 'n kapelaan, dr Kevin William, wat elke oggend by die sentrum 'n kort boodskap gebring het. Juan vertel tydens een van hulle het hy 'n skets by hom gehad wat hy die vorige dag geteken het. Op die skets staan hy bo-aan 'n stel trappe met 'n vraagteken. Toe stap die kapelaan die oggend in en sê hy gaan oor trappe praat, want 'hier is iemand wat met trappe sukkel'. Juan het vertel dít was vir hom 'n geestelike wakkerwordoomblik.


"Daai was my ontmoeting om te weet daar is 'n groter *Higher Power*. In my opinie moet jy 'n persoonlike verhouding met God hê," het hy gesê.

**'Jy kan nie almal help nie, maar hier en daar gaan 'n liggie aan'**

Sy pad na heelword het in 2024 begin. Die laaste paar maande was hy ook een van dié wat na ander se stories luister. Juan was een van die uitreikwerkers, of 'caretakers' soos almal daar praat, by Bellville Safe Space, die groter een van MES se drie sentrums in die noordelike voorstede van die Kaapse Metropool – 'n stad waar die wisselende getal haweloses tans deur MES op tot soveel as 20 000 geskat word. Normaalweg is hier slaapplek vir so 50 mense maar in die wintermaande stoot hulle dit op na 90 (70 mans en 20 vroue).

Hier het sy werk behels om elke middag vanaf vieruur reg te staan om kos, klere en slaapplek uit te sorteer vir ander wat nie die nag buite op straat wil trotseer nie. Sy werkskof was tot vroeg die volgende oggend.

> Vervolg op bl 8



# Draaipunt in die lewe en die voorreg van 'n bediening op die platteland

"Ek wil nooit 'n dominee op die platteland wees nie!" Hoe baie moes ek dit al hoor. Of iets soortgelyks. Veral onder jonger dominees deesdae. Ja, hulle sien dalk nog kans vir "'n klein plekkie langs die see", sal hulle dan opmerk – die roeping Kaap toe loop al sterker – maar nie sommer vir 'n klein plekkie in die Vrystaat of Noord-Kaap nie. "Ek sal gaan," sê iemand, "maar net as 'n Engel self die boodskap bring." Rikus van Zyl is 'n dominee op die platteland in die Vrystaat, op Edenburg, 80 km suid van Bloemfontein, en sy oë blink as hy oor die bediening praat.

Die platteland is in Rikus se murg. Hy onthou sy grootwordjare op Wesselsbron. Hulle was mielieboere, hy het gereeld gaan visvang, elke aand was daar huisgodsdiens, Sondae as gesin kerk toe … daai tipe lewe.

En toe gebeur 'n amper tragiese ding. 'n Trekker trap hom en keer sy hele lewe om.

"Toe ek 16 jaar oud was, was ek in 'n trekkerongeluk waar die agterwiel oor my kop en skouers gery het in 'n land waar ons besig was om te ploeg. Genadiglik het ek nie 'n skedelbreuk opgedoen nie. Ek was baie dankbaar teenoor die Here. En dit was een van die groot draaipunte in my lewe," sê hy.

Op 48 oorleef hy 'n hartaanval.

"Die Here is goed vir my," sê hy meer as een keer.

Ouderling Pieter Borrington was onlangs saam met hom by die Vrystaatse sinodesitting – hy is al van 2024 af deel van die gemeente.

"Toe ons terugry kon hy nie uitgepraat raak oor sy belewenis van die sinode nie. Veral hoe die sinodegangers na hom uitgereik het: hom gegroet het, met hom gepraat het en sy insette by die tafelgesprek. Hy het gevoel hy is deel," vertel Rikus.

Ek vra hom uit oor die gemeente en hy wys my 'n paar fotos. Wat 'n *beautiful* bont spul, dink ek, dis mos hoe kerk in Suid-Afrika moet lyk!

Behalwe vir die sigbare diversiteit binne die gemeente, werk hulle ook graag oor kerkgrense heen. Soos vroeër die jaar met Paasfees. NG Edenburg, Lede in Christus Kerk en die Woord in Waarheid Bediening het 'n gesamentlike getuienisaksie op die dorp geloods en toe saam nagmaal gevier.



**Ds Rikus van Zyl en ouderling Pieter Borrington was deur die NG Gemeente Edenburg afgevaardig na die onlangse Vrystaatse sinodesitting.**



**Rikus en sy gemeente is oral op die dorp betrokke. Onder andere by die Boerevereniging, twee sportklubs en die VVA (Vrystaat Versorging in Aksie) wat inwoners wat swaarkry van kos voorsien. Soms help die boere in die gemeente en maak hulle saam die dorp se paaie reg.**



**Ek vra hom uit oor die gemeente en hy wys my 'n paar fotos. Wat 'n *beautiful* bont spul, dink ek, dis mos hoe kerk in Suid-Afrika moet lyk!**

"Daar is baie meer goodwill tussen mense as wat ons dink. 'n Mens wens dat die politici dit ook sal raaksien!" sê hy en vertel hoe baie onderlinge verhoudinge op grondvlak tussen mense van verskillende agtergronde hom inspireer.

Rikus en sy gemeente is oral op die dorp betrokke. Onder andere by die Boerevereniging, twee sportklubs en die VVA (Vrystaat Versorging in Aksie) wat inwoners wat swaarkry van kos voorsien. Soms help die boere in die gemeente en maak hulle saam die dorp se paaie reg.

Wat laai jou batterye? vra ek.

"Om vir mense iets te doen. Om 'n vuurtjie aan te steek en saam met mense rondom die vuur te kuier, om vleis te braai en 'n glasie wyn te geniet! Jag, hengel, stap en die natuur." Vir ontspanning werk hy ook graag met sy hande en restoureer meubels.

Behalwe vir teologie, het Rikus 'n BComRek-graad van die Universiteit van die Vrystaat. Tussen al die kerkdinge, werk hy deeltyds saam met sy seun Henku – wat in Frankfort woon – as finansiële adviseur. 'n Besige man!

Hy en sy vrou Marietjie het twee kinders. Hulle dogter, Kirna, ook 'n predikant, is betrokke by Good Foundations for Good Fruit (GF4GF) in Somerset-Oos.

Rikus se verbintenis met Edenburg loop diep. Hy het al twee keer 'n beroep na NG Edenburg aanvaar. Gedurende 2002 tot 2006 was hy dominee daar. Toe is hy vir 'n tyd by 'n ander gemeente. En toe, in 2021, beroep die gemeente hom weer! En hy aanvaar.

"Watter rol behoort die kerk te speel in 'n land soos hierdie in 'n tyd soos dié?" vra ek.

"Ons moet daar wees vir mense," sê hy, "luister en weer luister. Seker maak ons hoor die behoefte reg. Te veel kere doen ons, sonder om régtig te luister."

In Johannes 17 bid Jesus vir sy dissipels – en vir ons, die gelowiges wat ná hulle sal kom. Meer as een keer bid Hy dat hulle "een sal wees, sodat die wêreld sal weet". Edenburg-gemeente leef hierdie getuienis op praktiese maniere uit. Hulle is vredemakers op die platteland wat mense oor grense heen bymekaarbring.

"Jesus is die lewende hoop," sê Rikus. "Ons wil deur ons teenwoordigheid by mense iets van God se liefde weerkaats."

Op 66 is Rikus steeds vol passie, vir die land en die kerk.

"Ek wil graag soos jy lyk op 66!" sê ek en vra oor sy drome vir die toekoms.

"My grootste droom vir die toekoms is om steeds 'n verskil te maak in mense se lewe," sê hy en glimlag.

*Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugbediening en die NG Gemeente Villieria.*

# **Eredienste:** *Hoekom is die kindermoment mosterd ná die maal?*

Laat ek sommer begin deur te sê: Ek steek nou my nek uit as ek die kindermoment bevraagteken. Byna die helfte van NG gemeentes doen 'n kindermoment in die erediens. Vir die meeste mense, veral ouer mense, bly dit 'n kosbare en hoopvolle teken in die kerk. Die foto-vertoon van 'n groepie kinders voor in die liturgiese ruimte, die onverwagse oulike antwoorde wat hulle op die predikant se vrae gee, die gemeente wat lekker lag, en die maklike geblikte opsomming van die preek wat kom, is vir baie volwassenes soos warm malvapoeding ná 'n Sondagmiddagete – die spreekwoordelike kersie op die koek.Ons sal dit nie maklik verruil vir enige iets nie. Miskien is dit juis omdat die happie so soet proe, dat ons nie maklik kritiese vrae daaroor wil vra nie.

Maar wat as hierdie warm happie poeding ons weerhou van 'n volle maaltyd van geloofsvorming? Wat as die dierbaarheid van die oomblik maak dat ons nie dieper vrae vra oor waarmee ons nou eintlik besig is nie? En wat is die langtermyn gevolge van hierdie geestelike peuselkos?

Wat is die doel van 'n kindermoment? Een antwoord wat ek dikwels kry, is dat dit die Woord aan jonger kinders verduidelik. Met ander woorde: Dit is dan 'n kognitiewe leermoment waar kennis gedeel word. Maar as dit die doel is, moet ons eerlik vrae vra oor hoe effektief dit regtig is en hoe dit verskil van kategese? Myns insiens is dit nie altyd effektief nie, want dit neem die volwassenes se inhoud – die teks en preek – as vertrekpunt en sit dit om in 'n "ligte" weergawe vir kinders. Ek moes eenmaal hoor hoe 'n profetiese teks met 'n jagstorie verduidelik word. Dit was baie vermaaklik, maar geen kind was ná die tyd enige Bybelinhoud ryker nie!

Die langtermyn gevolg hiervan is dat kinders maklik leer dat hulle die "oulike item" op die spyskaart is, eerder as mede-eters aan die tafel. Hulle word bekyk, maar nie noodwendig betrek nie. En wanneer kinders ná die kindermoment uitstap, leer hulle ook nie regtig om saam met volwassenes te aanbid, geloofsgewoontes in te oefen, of die ritme van die erediens as húlle ruimte te beleef nie. Volwassenes leer op hulle beurt ook nie hoe om saam met kinders te aanbid nie; hulle raak gewoond daaraan dat die res van die diens net fynproewerskos vir grootmense is.

Goeie leeroomblikke vra veel meer as 'n storie of metafoor wat in enkele minute gedeel word. Goeie geloofsvorming neem ontwikkelingsfases in ag en leerstyle. Ware leer vind plaas binne verhoudings, betrek die sintuie, en is deelnemend van aard – juis dit wat in goeie kategese-ontmoetings ingebou behoort te wees.

Daarom sou 'n beter idee wees om die kindermoment by die inhoud van die kategeseles te laat aansluit, want dan sal die inhoud ten minste die aandag verkry wat dit verdien. Toe ek iemand egter die ander dag vra, hoekom sluit hulle kindermoment aan by die volwassenes se preek en nie die kinders se kategeseles nie, toe was die persoon se antwoord: "Want die Woordverkondiging staan tog sentraal." Ek sou redeneer: Die Woord staan sentraal, en nie die preek nie. En die Woord staan tog ook sentraal in die kategese!

So, kom ons wees eerlik, kindermomente is nie die beste resep vir leer nie. Dit is eerder vermaaklik vir volwassenes en dit sus ons gewete. "Ten minste het ons darem iets vir die kinders gedoen."

Maar wat van die redenasie dat dit kinders laat deel voel van die gemeente?

Navorsing wys dat geloof die beste gevorm word in verhoudings. En verhoudingsbou begin nie wanneer kinders op 'n verhoog voor ons kom sit nie. Dit begin wanneer ons hulle name leer ken, belangstel, luister, en omgee. As die gemeente regtig kinders belangrik ag en hulle geloof wil vorm, sal ons tyd inruim in die erediens om na die kinders in die banke te draai, hulle raak te sien, met hulle oor geloof te gesels en hulle werklik te leer ken.

Beteken dit ons moet die kindermoment skrap? Nee, hou maar die happie malvapoeding. Dit is beter as om geen moeite met die kinders te maak nie. Maar begin deur die spyskaart uit te brei, sodat die kinders nie aan geestelike skeurbuik begin ly nie. Noem dit eerder omgeetyd of familietyd, en moenie altyd die kinders na vore roep nie. Fokus daarop om die hele gemeente te betrek en deelname en verhoudingsbou te verhoog.

Gebruik dan eerder die tyd van die "kindermoment" om interaksievrae te vra. Gebruik dit om geloofgewoontes in te oefen. Gebruik dit om die kerkjaar of spesiale kerkbiddae of vakansiedae te vier. Gebruik dit om lewensoorgange te vier. Gebruik dit om mense van verskillende ouderdomme en agtergronde aan mekaar te verbind en te laat tuis kom. Laat kinders nie net die voorwerp van die oomblik wees nie, maar deelnemers aan die geloofsgemeenskap. En laat volwassenes nie net toeskouers wees nie, maar mede-eters aan dieselfde tafel. Dan is die kindermoment nie meer mosterd ná die maal – 'n laaste, haastige byvoeging vir die kinders – nie, maar deel van die tafel waar die hele geloofsfamilie saam eet.

Op die ou end vra gesonde geloofsvorming meer van ons. Kinders se geloof word nie gevorm deur kort prekies alleen nie, maar deur die inoefening van geloof, die ervaring van liefde, die ruimte om volledig deel te wees, en die geleentheid om saam met ander ouderdomme te gee én te ontvang.

Die vraag is dus nie of ons die poeding moet wegvat nie. Die vraag is of ons bereid is om saam 'n voller tafel te dek.

Vir praktiese idees kan predikante en erediensbeplanners met dié skakel inskryf vir die weeklikse e-pos, DinkJeug Wenk van die Week. Dit bevat 'n interouderdom familie-oomblik vir elke Sondag se erediens: www.dinkjeug.co.za/skryf-in-vir-wenk/

*Ds Anriëtte de Ridder is predikant in sinodale diens vir Jeug- en Familiebediening in die Wes-Kaapse Sinode.*

**Besoek kerkbode.co.za vir Jan Lubbe se rubrieke.**



## Eerste indrukke uit die hof:

# Tugbesluite teen ds Coetzee tersyde gestel

**Ds CJ (Neels) de Jager, leraar Vaalrivier-gemeente en aktuarius Goudland Sinode skryf:**
Die hofsaak tussen ds Marius Coetzee en kerkraad NG Gemeente Karatara-Sedgefield vs Ring van Knysna, die Sinode van die Wes-Kaap, en andere verwys. Hierdie is eerste indrukke onderhewig aan korreksie.

Here, wees ons genadig! Op U wag ons (Jesaja 33:2).

'n Hofgebou is 'n vreemde plek. Om daar te sit en te weet, vandag is dit kerk (wat aan die Here behoort) teen ekklesia (gemeente deur God uit die wêreld geroep) is nog vreemder.

Regter Louw het die dag met humor begin. Elke dominee en regter se droom, het sy gesê, 'n vol gebou (my parafrase).

Die advokaat vir die sinode en andere het sy saak gestel. 'n Prentjie is geskets van 'n dominee wat "defiant" opgetree het teen die gesag oor hom aangestel van die Ring se kant. Daar is gestel dat die dominee ten onregte nie teenwoordig was by sy tugverhoor nie. Die aanklag was skeurmakery en Coetzee is in sy amp gestuit. Daar is aangevoer dat die dominee se situasie soortgelyk is aan dié van 'n advokaat wat tot die balieraad toegelaat moet word alvorens hy mag praktiseer. Hierop het die regter gestel dat die twee sake glad nie vergelykbaar nie.

Die advokaat vir Coetzee was Hanri Loots SC. "Your Ladyship" het hy die meeste sinne mee begin. Hy het van sy "learned friend" verskil en aangevoer dat Coetzee slegs beswaar gemaak het teen die samestelling van die ringstugliggaam weens bevooroordeling. Verskeie skrywes gerig aan die teenparty het onbeantwoord gebly.

In haar uitspraak het regter Louw gesê dat dit verwag sou word van 'n organisasie wat gebou is op die beginsels van "grace, reconciliation and forgiveness" om eers ander opsies soos mediasie en herderlike sorg te ondersoek alvorens 'n verhoor belê word.

Sy het gesê dat die ringstugliggaam vooraf gesuiwer moes wees en nie behoorlik gekonstitueer was nie. Sy het gesê dat die gees van die Kerkorde sowel as die letter en woord van die Kerkorde in ag geneem behoort te word. Daarom moes die dominee se redelike versoek tot uitstel toegestaan gewees het. Die regter het in haar uitspraak verwys na die "tripartite agreement" waarby die leraar, die kerkraad en die breër kerk betrokke is. Om een party, die kerkraad, uit te sluit is ondenkbaar.

Regter Louw het gestel dat die onderskeie tugliggame in gebreke gebly het aangesien die beginsels van "natural justice" asook die vereistes van die Kerkorde nie aan voldoen is nie. Die besluit van die vierde respondent, ringstugliggaam Knysna, gedateer 30 Mei is tersyde gestel. Die sanksie van delegitimasie is ook tersyde gestel. Die besluite van die appèlliggaam Sinode Wes-Kaapland asook die appèlliggaam Algemene Sinode 27 Desember 2024, is tersyde gestel. 'n Kostebevel is gegee teen die derde tot die tiende respondent vir die hersieningsaansoek.

Onthou asseblief die woorde van Jesus, 'n huis verdeeld kan nie bly staan nie (Lukas 11:17).

## Hooggeregshof stel tugsaak teen Ds Coetzee ter syde; nuwe ondersoek gelas

Ds Hanri Joubert, predikant van Gansbaai en aktuarius van Sinode van Wes-Kaapland, lewer namens die moderatuur van die Sinode van Wes-Kaapland verslag oor die Coetzee-saak, soos op 2 Junie 2026 in die Kaapse hooggeregshof afgehandel.

Die applikant, ds MX Coetzee, asook die kerkraad van Karatara-gemeente het die uitspraak in die tughandeling van die Ring van Knysna op hersiening na die hooggeregshof geneem. Die Ring van Knysna, die ringstugliggaam, die Sinode van Wes-Kaapland en die Algemene Sinode, asook hulle onderskeie appélliggame is as respondente gelys in hierdie hersieningsaansoek.

Die hof het ds Coetzee se aansoek op prosedurele gronde toegestaan en die besluit van die Ring van Knysna, asook die bevindings van die twee appélliggame ter syde gestel.

Die hof het verder bepaal dat die klag van skeurmakery teen ds Coetzee, de novo deur 'n nuwe ringstugliggaam ondersoek moet word.

Die hof het 'n kostebevel teen die respondente toegestaan.

# Aktuarius se verklaring skep vrae

**Dawie de Wet van Die Strand skryf:**
Die aktuarius van die Wes-Kaapse Sinode se amptelike verklaring (DK 05.06.2026) oor "die Coetzee-saak, soos op 2 Junie 2026 in die Kaapse hooggeregshof afgehandel," moet bevraagteken word.

Hy som die uitkoms van die saak in 'n enkele sin op: "Die hof het ds Coetzee se aansoek op prosedurele gronde toegestaan en die besluit van die Ring van Knysna, asook die bevindings van die twee appélliggame ter syde gestel."

Verder word genoem dat die aanvanklike klag teen ds Coetzee van nuuts af ondersoek moet word en dat die hof ook 'n kostebevel teen al die respondente beveel het.

Die boodskap wat die kerkpubliek hier hoor, is dat die tugliggaam van die Ring van Knysna prosedurele foutjies gemaak het.

Dit kon nie te ernstig gewees het nie, want die ring en appélliggame van die Wes-Kaapse en die Algemene Sinode het dit nie opgemerk nie!

Daar is dus niks om oor bekommerd te wees nie, dis net prosedures wat per abuis nie reg gevolg is nie. Dit moet met 'n nuwe ondersoek reggestel word.

Die regter skets 'n radikaal ander prentjie.

Kom ons kyk na paragrawe 40-44 van die uitspraak (my verkorte parafase-vertaling):

"Die Kerkorde beveel mediasie, versoening en pastorale betrokkenheid aan as meganismes wat dissiplinêre prosesse vooraf behoort te gaan.

Dit vorm die teologiese basis van die kerk se waardestelsel van genade, versoening, vergiffenis en herstel.

"Daarom is dit jammer dat geen betekenisvolle poging tot mediasie aangewend is voordat 'n tugproses, wat op die applikant se verwydering uit die bediening uitgeloop het, begin is nie. Net so ontstellend is die weiering van 'n baie billike versoek dat die proses vir 'n kort rukkie uitgestel word.

"Die howe is nie teoloë of godsdienstige tribunale nie, en raak normaalweg nie by die huishoudelike sake van kerke betrokke nie. Daarom is dit altyd jammer dat sulke dispute in die sekulêre hof beland.

"Maar wanneer 'n kerk prosedures daarstel om regverdigheid en geregtigheid te verseker en wanneer daardie prosedures nie gevolg word nie, kan die hof nie anderpad kyk nie.

Respek vir die gesag van godsdienstige instellings kan nie gerek word om prosesse toe te laat wat nie die standaarde van regverdigheid wat die kerk self bepaal het, bereik nie.

"Dis ironies dat 'n instelling wat op die beginsels van versoening, vergiffenis en verlossing gebou is, nie eers alle moontlikhede om verhoudings te herstel uitgeput het voordat 'n proses, met sulke ernstige gevolge vir beide die applikant en vir sy gemeente, begin is."

Die prent wat die regter skets, is baie ver van 'n blote "ligte mistykie" – soos die "amptelike verklaring" insinueer. Dit laat ernstige vrae by die kerkpubliek:

- Waarom word die ernstige teregwysing aan die tug- en appélliggame verswyg?
- Hoe gaan hulle dit regstel?
- Hoe raak hierdie uitspraak ander soortgelyke sake teen leraars elders in die land?
- Hoeveel moet die kerk nou aan regskostes betaal?

Ons hoor graag!

# Klere met 'n storie kan as keerwal teen kitsmode dien

FAY VAN EEDEN

"Dis darem wonderlik dat iets wat vir een persoon onbruikbaar geword het, vir 'n ander hoop kan bring," sê ek vir my skoonma terwyl ons deur die vertoonkamer se rakke met kledingstukke loop. So tussendeur baadjies aanpas drink ons koffie saam met Rayana Edwards-Cassim. Sy is die stigter en HUB van die klerereeks en opheffingsprojek Sari for Change.

Sari for Change is gebore uit twee sake wat Rayana na aan die hart lê – die verligting van armoede en werkskepping veral onder enkelma's, en die bewaring van die planeet. Hulle gee aan werklose vroue in agtergeblewe gemeenskappe 'n geleentheid om hulleself en hulle gesinne finansieel te ondersteun. Hulle besigheidsmodel maak my opgewonde!

Dit werk met drie vlakke. Eerstens word vroue geleer om met 'n naaldwerkmasjien te werk. Hulle begin deur eenvoudige lapsakkies te stik wat die besigheid dan by hulle terugkoop.



Hierdie sakkies word van afvallap gemaak en dien as die besigheid se verpakkingsmateriaal. Op die tweede vlak leer vroue basiese besigheidsbeginsels en ontvang hulle eie naaldwerkmasjien wanneer hulle die vlak voltooi.

Party vroue begin dan hulle eie besighede terwyl ander aanbly by Sari for Change om die pragtige klere, waarna ons die hele oggend gekyk het, te maak.

Met 'n pienk lapsakkie op my motor se agterste sitplek ry ons terug Pretoria toe. By die huis maak ek die sakkie versigtig oop en haal die pragtige groen kimono uit. Terwyl ek die kimono aantrek wonder ek watter stories sou hierdie lap kon "vertel". Én watter spesiale geleenthede en seremonies het die lap nie al "gesien" nie? Want al Sari for Change se kledingstukke word uit tweedehandse saris gemaak. Ek hoor weer Ryana se woorde: "Knowing that saris are often kept aside in every Indian woman's home, waiting to be passed down to the next generation, we wondered why we weren't using them differently. As designers, we love working with silks and chiffons, so it made perfect sense for us to start experimenting with these precious saris."

Op enige gegewe oomblik, het Rayana vir ons vertel, het hulle 15 000 saris in hulle stoorkamer. Die saris kom van heinde en verre en word almal geskenk. Sari for Change het reeds 8 000 saris in moderne kledingstukke omskep, wat beteken dat daar 8 000 minder stukke lap iewers op vullishope lê.

My oog vang my refleksie in die spieël en ek kan nie help om te glimlag nie. Hoe wonderlik is dit om in 'n tyd van kitsmode 'n nuwe-ou kledingstuk te kan dra? Én om in 'n tyd waar klere gemaak word om slegs 'n seisoen te hou, klere te koop wat 'n storie het.

*Ds Fay van Eeden is predikant van NG Kerk Stellastraat en 'n eko-blogger.*

> Vervolg van bl 4

# *Getuienis: Juan Odendaal*

Hy het my voorgestel aan Faiza Cox, ook een van die uitreikwerkers. Ook sy het haar storie vertel. Sy was 28 jaar op straat waarvan die meeste in prostitusie en tussendeur ook in die tronk. Dit het gevat dat haar "hokkie" afbrand en sy met brandwonde sit voor sy by MES kom hulp vra het. Juan sê haar en ander se stories wys by die Here is alles moontlik.

Hulle het my vertel die werk is uitdagend. Daar is dié wat hulle vloek of uitskel. Hulle kry ook te doen met diefstal – van oorslaapkliënte by mekaar én vanuit die plakkerskamp langsaan. Die mense wat aanklop om hulp sluit in verslaafdes, werkloses, mense met sielkundige probleme asook partykeer ou mense wie se familie hulle nie verder wil versorg nie. Dit verg soms raap en skraap om elke aand genoeg skoon klere, seep en kos vir almal te hê.

Maar Juan het gesê hy is presies waar hy wil wees. "Jy kan nie almal help nie, maar hier en daar gaan daar




**Juan is oorlede op 16 Junie, dieselfde datum waarop sy seun 10 jaar gelede gesterf het.**

'n liggie by iemand aan. 'n Glimlag op 'n gesig. Dan maak dit 'n verskil."

"Jy gaan nie ryk word nie, maar jy het 'n doel. Dit is wat MES vir my gedoen het. Ek is verskriklik trots om by hulle betrokke te wees. Dit is so bevredigend," het hy bygevoeg.

Dit was van sy laaste woorde aan my Vrydagoggend 12 Junie. Die naweek het hy blykbaar sleg begin voel. Sy huismaats by Airo-huis, een van MES se verblyfplekke vir mense in die vierstapprogram, was bekommerd. Hulle het Clarina Hanekom van die organisasie gebel. Sy het my vertel sy het Sondag vir Juan probeer oortuig om hospitaal toe te gaan, maar hy wou nie. Hy is Maandagmiddag werk toe. Vroeg die volgende oggend is hy oorlede. Volgens Clarina is 16 Junie dieselfde datum as waarop sy seun tien jaar terug gesterf het.

"Juan het sy fisiese familie verloor, maar hier by MES het hy weer familie gevind," het sy gesê.

Juan se storie herinner aan wat Nadia Marais 'n ruk terug in haar gereelde *Kerkbode*-rubriek oor die geskenk van stories geskryf het. Sy het onder meer geskryf: "Ons troos is dat ons stories – en alles wat dit bevat: tragedie, trauma, florering, lewe – opgevang word in 'n groter storie, 'n goeie storie, 'n storie van genade en liefde … stories is 'n geskenk wat ons ontvang, maar dit is ook 'n geskenk wat ons aan mekaar (kan) gee".

**> Juan Odendaal het sy storie vertel in Junie, die maand waarin veldtogte soos Winterhoop op tasbare maniere uitreik na van die duisende mense wat oral op straat leef en hulp nodig het.**

Zander van der Westhuizen




# *Skuif jou fokus na* die foute of die vreugdes?

Die Here leer my tans iets: Die kerk is dalk nie so dood soos wat my frustrasie met sommige aspekte van die kerk my soms laat dink nie. Daar is steeds predikante en lidmate wat elke dag getrou opdaag, droom, dien, lei, innoveer – en selfs hulle WhatsApp's en e-posse antwoord.

Die ander dag ontmoet ek 'n predikant en sy raakvattervrou wat aan die einde van hulle bediening in 'n gemeente staan – en tog is hulle steeds 'n enorme aanwins vir die kerk. Hulle bring mense bymekaar, organiseer funksies en sorg dat die hele dorp weet: "Hierdie gemeente leef. Hierdie gemeente is dinamies!"

Ek kuier saam met twee kollegas in 'n gemeente wat raad soek en planne wil maak. Hulle droom oor nuwe moontlikhede om hulle fasiliteite kreatief te benut en doen moeite met hulle preekreekse en musiek. Daar is 'n gasvryheid wat mense van heinde en verre na hulle dienste toe trek.

Tydens 'n koffie-afspraak hoor ek 'n kollega se hart – 'n jong diensleraar vol passie vir die Here en sy bediening. Hy wil leer, groei en ontwikkel. Daar is leierskap in hom, en sy sosiale media is vol inspirasie en hoop vir jongmense.

Ek sien hoe 'n ouderling in 'n gemeente sonder 'n predikant leiding neem, die regte hulp betrek en oop bly om te leer sodat hulle hulle gemeenskap beter kan dien.

Ek lees die berigte oor hulpverlening tydens die vloede in die Kaap. Ek weet die NG Kerk het waarskynlik tydens Pinkster meer sop bedien as wat die meeste restaurante in 'n jaar doen.

Ek werk saam met aanbiddingsleiers op die mees onwaarskynlike plekke – mense wat met "tracks" lofprysing begelei, kreatief dink en soms meer tegnologie gebruik as wat ons in die stad regkry.

Die lys is langer as wat ek dink. En die frustrasie wat ek soms ervaar, word makliker om te hanteer wanneer ek my fokus plaas op die plekke waar predikante, lidmate en leiers groei, leiding neem en vorentoe beweeg.

Ek het 'n belydenis om te maak: Ek sukkel soms met predikante. Dit grens waarskynlik aan oordeel of selfregverdiging. Daarom probeer ek my hart mooi dop hou en vra ek die Here se hulp daarmee.

Dit val my soms op dat binne die kerk en ons professie, eenvoudige dinge soos om 'n e-pos of WhatsApp te beantwoord agterweë bly. Daar word soms baie stadig gereageer in terme van terugvoer en besluite. Ek beleef dit nou self met die predikantesaamkoms se reëlings.

En dan begin my kop maal. Dan wonder ek oor dieper dinge – oor hoekom die kerk op sommige plekke is waar sy vandag is. As ons nie eens 'n WhatsApp of e-pos kan beantwoord nie – sê dit iets? Kom ons by die mense wat ons nodig het uit of hardloop ons gemeentes se organisasie effektief?

Of ek hoor verhale van gemeentes waar die energie opgeraak het. Waar daar min nuwe planne, nuwe drome of nuwe inisiatief is, terwyl daar jonger predikante is wat brand om te dien en nuwe moontlikhede te verken, maar nie die kans gegun word nie.

Terwyl ek hieroor nadink, besef ek weer hoe maklik 'n mens se fokus verskuif na dit wat pla, eerder as na dit wat lewe gee. Die Here leer my om minder te fokus op dit wat dood of vasgeloop voel, en eerder raak te sien waar Hy besig is om nuwe lewe te bring.

Die Here is steeds met sy kerk besig.

*Tussenin is 'n rubriek oor die lewe in die middel van dinge – waar stories, mense, klanke en stilte mekaar ontmoet. Zander van der Westhuizen skryf as pa, getroude, skrywer, musikant, radio-omroeper en predikant oor die oomblikke waar sin en seën onverwags opduik tussenin alles wat ons doen en probeer wees.*



Die stukkende Rooibrug (gebou in 1906) naby Ashton. In Mei was dit die vierde keer in vier jaar dat die Breederivier sy wal oorstroom het. "Hierdie keer se vloed was iets ongekend," het Ernst Botha, 'n derdegeslag boer, vertel. Foto: Helene Meissenheimer

# TRAUMA na VLOEDSKADE:
# *Meer as komberse is nodig en die kerk kan help*

HELÉNE MEISSENHEIMER

"Ek glo ons sal weer opstaan, maar ek dink ons moet eerlik genoeg wees om te sê dit slaan seer en diep." Só vertel Elaine Harrison van LC3 Heart Network, Robertson se interkerklike hulpnetwerk wat na die onlangse vloed nie net kos en klere uitdeel nie, maar ook aan maniere dink om hulle gemeenskap met emosionele trauma te help.

Dit is een week sedert die Breederivier weens swaar reën 'n pad van ongekende vernietiging tussen 12 en 13 Mei deur die Kaapse Wynlande gelaat het. Langs die R62 is wingerde en groenteboorde nog vaal van opdrifsels en modder.

By die kerksaal van die NG Gemeente Robertson-Oos tref ons 'n groot bedrywigheid aan. Oral is mense besig tussen gelaaide houttafels om komberse, klere, skoene en kos te sorteer. Elaine vertel hierdie is donasies wat net in die afgelope vier dae ingekom het. Die eerste skenkings is reeds uitgedeel. Sy kry min tyd vir gesels. Haar selfoon is besig soos plaaslike besighede inbel met navrae oor waarmee hulle kan help. Sy verdwyn gou om 'n skenking van ketels te ontvang.

By Ernst Botha, 'n derdegeslag boer hoor ons hierdie keer se vloed was iets ongekend. "Dit was 'n totale vloed van 'n omvang wat ons nie ken in hierdie area nie," sê hy en verduidelik dat die water tot twee meter bo die 100 jaar vloedlyn was en op plekke selfs meer as dit.

Dit was die vierde keer in vier jaar dat hierdie rivier sy walle oorstroom het. Op Van Loveren strek een van die vier wynmakerneefs, Bussell Retief, sy hande bo sy kop om te wys waar is die water bo-oor die deur van een van hulle invoerstore. Binne die stoor het hulle begin skoonmaak – al die modderbesmeerde wynbottels en bokse lê gestapel in 'n hoek.



**Ek glo ons sal weer opstaan, maar ek dink ons moet eerlik genoeg wees om te sê dit slaan seer en diep." Só vertel Elaine Harrison van LC3 Heart Network, Robertson se interkerklike hulpnetwerk. Foto: Wilmi Wheeler, KaapKerk**

Elaine en hierdie boere is van die mense wat ek en die joernalis Wilmi Wheeler van KaapKerk met 'n onlangse besoek aan Robertson ontmoet het. Ons was daar om twee soorte stories vas te vang: stories van skade én van hoe en waar die kerk opdaag om te help. Van altwee was daar baie.

Bussell se vrou Annemarie het ons 'n tamaai pot gewys waarin 'n vreemdeling breyani gebring het. Sy kon 50 mense op hulle plaas daarmee kos gee. Ook mense van hulle gemeente op Ashton het sop gebring.

Sy vertel nóg 'n oomblik wat vir haar uitstaan was toe ds Janlu Kuyler van Robertson Moedergemeente in Pinksterweek 'n impromptu boodskap vir hulle werkers kom bring het. "Dit was 'n Goddelike oomblik in die chaos," vertel sy.

By die stukkende Rooibrug kry ons vir Ashton-gemeente se ds Dhaniel



**Op Van Loveren het Bussell Retief en sy vrou Annemarie se huis ook oorstroom en 'n invoerstoor het groot skade gehad. Mens hoor hierdie is een van die gelukkiger plase, elders was die skade groter. Foto: Wilmi Wheeler, KaapKerk**

Gouws. Hy vertel van saambid vir mekaar na Pinksterdienste.

Op Robertson vertel Johan Hugo die meeste van die huise in die deel van die Silwerstrandgholflandgoed langs die rivier was onder water. Hy is die algemene bestuurder daar en sê hy was verstom hoe vinnig vir almal slaapplek aangebied is. "Jou kerke, jou organisasies, almal het net ingestaan. Dit is hierdie absolute saamstaan van hierdie dorp en gemeenskap wat vir my uitstaan. Dit gee my eintlik hoendervleis om daaroor te praat," sê hy.

"Ek is nie 'n drukkiemens nie maar nou sommige dae is dit al wat ek doen," voeg hy by.

Al het Bussell en sy vrou Annemarie se huis ook oorstroom, is Van Loveren een van die gelukkiger plase. In *Landbouweekblad* van 22 Mei het boere vertel daar is mense wat alles verloor het. Die Wes-Kaapse regering het ook aansoek gedoen om die Breederiviervallei tot 'n rampgebied te verklaar. Infrastruktuur soos brûe en kraglyne het in die slag gebly.

Sommige ouers roei deesdae hulle kinders met kano's oor die rivier, want dit is vinniger as om kilometers se ompaaie te ry om by skole uit te kom.

### Eers onmiddelike nood: kos en klere

Elaine sê sy was geskok toe sy op sosiale media foto's en video's van die skade in hulle vallei sien. "Toe het ons begin inspring," vertel hierdie oud-maatskaplike werker wat saam met haar man vir die weermag gewerk het tot hulle in 2021 hier kom aftree het.

Die "ons" is almal wat betrokke is by die Langeberg Christian Commerce Community (of sommer net LC3) Heart Network. Elaine



**Ds Randow Jantjies van die VGK is een van die netwerk se direkteure. Hy vertel dat hierdie organisasie hom herinner aan Matteus 25 van vers 35 waar Jesus gesê het: "Ek was honger en julle het vir My iets gegee om te eet. Naak en julle het vir My klere gegee". Foto: Wilmi Wheeler, KaapKerk**

koördineer hierdie uitgebreide span wat onder meer kerkleiers van die VGK, NGK en AGS insluit sowel as verskeie boere en plaaslike sakemense.

Sy vertel almal het eers hulle eie netwerke gehad, maar toe stig hulle hierdie hulporganisasie vir 'n meer gekoördineerde reaksie.

Die kerksaal van die NG Gemeente Robertson-Oos is hulle sentrale verspreidingspunt. Een van die besige sorteerders vandag is wyksraadslid Pauline Hess. Sy vertel dit is vir haar lekker om hier te help, want sy weet al die goed gaan by mense uitkom wat



**Ds Janlu Kuyler sê hy is bekommerd oor 'n "tweede vloed". Hy verduidelik hy bedoel daarmee emosionele trauma. Foto: Wilmi Wheeler, KaapKerk**

dit nodig het. Nog 'n paar vroue vertel hulle was by die kerk vir hulle weeklikse Bybelstudie en het toe sommer gebly om te help.

Ds Randow Jantjies van die VGK is een van die netwerk se direkteure. Hy vertel dat hierdie organisasie hom herinner aan Matteus 25 van vers 35 waar Jesus gesê het: "Ek was honger en julle het vir My iets gegee om te eet. Naak en julle het vir My klere gegee".

"Ek dink dit is die groot as waarmee die hele netwerk draai. Ons probeer op 'n praktiese manier die evangelie wat ons verkondig maar ook Jesus se liefde vir mense sigbaar maak," voeg hy by.

### Trauma as tweede vloed

Janlu sê hy is bekommerd oor 'n "tweede vloed". Hy verduidelik hy bedoel daarmee emosionele trauma. "Hier is 'n paar kleiner boere wat nou baie swaar trek as gevolg van vorige vloede maar ook hierdie vloed. Ek glo hulle gaan weer opstaan maar dit gaan nie maklik wees nie," verduidelik die predikant wat pas deur sy vierde vloed in vier jaar is.

Hierdie gedagte van pastorale sorg is nie nuut nie. Soos dr Nioma Venter in 2022 in 'n *Kerkbode*-artikel geskryf het "heropbou en genesing is die unieke rol van die kerk wanneer dit kom by rampondersteuning. Dit lê op die vlak van die pastoraat en is daarom die roeping van die kerk".

Ook by Elaine en van haar netwerklede hoor 'n mens 'n gevoel dat hulle gemeenskap meer as komberse en kospakkies gaan nodig kry op die lang pad na herstel. "Ek glo ons gaan opstaan, maar ek dink ons almal is maar nog 'n bietjie in 'n skokfase," sê sy.

"Om uit te stap op jou voorstoep en wat gister mooi boorde was is nou opdrifsels … ek dink die emosioneel, psigiese en geestelike impak gaan nog later kom, verduidelik sy.

Elaine noem sy dink aan moontlik 'n netwerk van beraders opbou. Dan voeg sy by: "Ek dink ons as gemeenskap van gelowiges moet hierop attent wees om ondersteuning te kan gee wanneer dit nodig is".



Helderberg Gemeente

# Bou saam aan 'n geloofstuiste vir families

## VAKATURE: LERAAR EN LEIER VIR FAMILIEBEDIENING

Helderberg Gemeente leef met 'n passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood. Ons is op soek na 'n dienende leier om eienaarskap te neem van ons Familiebediening — 'n brugbouer wat die hartklop van jonger generasies verstaan en hulle met hoop en praktiese ondersteuning bedien.

Vertroue | Leerbaarheid | Deernis | Gasvryheid

### Ons konteks

- Groot, diverse gemeente
- ±5 000 belydende lidmate en ±2 000 dooplidmate
- Verskeidenheid eredienste op 'n Sondag
- Bediening oor generasies heen

### Wat maak hierdie roeping besonders?

- Jy werk in 'n sterk spanomgewing
- Jy help bou aan geloof, behoort en hoop

### Wie ons soek

- 'n Gelegitimeerde persoon binne die NG Kerk of VGKSA
- Goeie prediking- en kommunikasievaardighede
- Ervaring met jeug, jongmense en families
- Vermoë om relevant en lewensgewend met jonger generasies te kommunikeer
- Begrip van digitale bediening en moderne kommunikasie
- 'n Spanmens met emosionele volwassenheid en integriteit

### Die hart van die rol

- Lei en ontwikkel Familiebediening
- Bou brûe tussen kerk, huis en gemeenskap
- Toerusting van ouers, leiers en vrywilligers
- Skep ruimtes van behoort, groei en hoop

### Roer hierdie roeping iets in jou?

**Stuur jou CV en aansoek aan:** lize@nghelder.co.za
**Sluitingsdatum:** 18 Augustus 2026
**Navrae:** Lize van Wyk by 021 851 5582 of lize@nghelder.co.za
Volledige posbeskrywing op aanvraag beskikbaar.

**CV MOET INSLUIT:**

- Skakel na jou onlangse digitale preek.
- Bondige beskrywing van jou roepingsverklaring.
- Besonderhede van 3 referente.
- Enige verdere dokumentasie.

## Dinkstof: Terug na die toekoms

# Nagedink oor 16 Junie: Dit was nie vergeefs nie

JOHAN VAN DER MERWE

16 Junie behoort 'n rooiletterdag vir almal in Suid-Afrika te wees. Twee redes maak dit een van die belangrikste onthoudae in die geskiedenis. Die eerste, meer bekende rede, is die gebeure wat op 16 Junie 1976 in Soweto plaasgevind het.
Tydens 'n jeugoptog teen die verpligte leer van Afrikaans in skole was die 12 jarige Hector Pieterson een van die eerste slagoffers. 'n Foto waar Pieterson deur Mbuyisa Makhubo gedra word het wêreldwyd opslae gemaak. Skielik was die Nasionale Party se beleid van apartheid groter onder die vergrootglas.

Die NG Kerk wat dié beleid ondersteun het, is ook nie gespaar nie. Wanneer 'n mens na vyftig jaar terugkyk was dit ongetwyfeld 'n katalisator in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika.

Daar is egter 'n tweede, minder bekende rede waarom 16 Junie belangrik is. Tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog, het Lord Roberts op 16 Junie 1900 proklamasie 5 onderteken. Dit het die verskroeideaardebeleid wat deur die Britse magte uitgevoer is, afgeskop. Plaashuise is afgebrand en vrouens, kinders en plaaswerkers is na konsentasiekampe gestuur.

Ongeveer 48 000 mense, van wie die meeste vroue en kinders was, is in die konsentasiekampe dood. Meer as 230 plaashuise is net in November 1900 afgebrand.

Teen 1902 was daar 150 000 vroue en kinders in die kampe en is daar volgens Britse statistiek bykans 30 000 plaashuise verwoes. Die verskroeideaardebeleid was die vernaamste rede waarom die boeremagte in 1902 oorgegee het. In die woorde van generaal Koos de la Rey: "Daar word gesê dat ons tot die bitter einde moet veg.

Hou in gedagte dat alles – vee, goedere, geld, vrou en kind opgeoffer is. Daar is mans en vrouens wat niks meer as blote vel oor hulle liggaam dra nie. Is dit nie die bitter einde nie?"

Wat sou hierdie gebeure vir die NG Kerk in 2026 in 'n verflenterde Suid-Afrika beteken? Miskien herinner 16 Junie die kerk opnuut aan haar openbare getuienis, aan haar roeping om hard en duidelik te praat wanneer dinge verkeerd loop in die samelewing – en miskien, meer belangrik, daag herinneringe aan die gebeure op die dag in 1900 en in 1976, die kerk uit om nie net te praat nie, maar ook te doen. Dit is die roeping van elke lidmaat van die NG Kerk in die werkplek, van elke gemeente op die dorp en in die voorstad, van elke sinode in die provinsies van ons land en van die Algemene Sinode om onreg aan te spreek, uit te wys, maar bo alles, om van hierdie land 'n beter plek te maak.

Die agenda van die afgelope Sinode van die Vrystaat, vertel die verhaal van 'n kerk wat hierdie roeping raakgesien het. As die hele NG Kerk op hierdie koers kan voortgaan, lei dit dalk tot die hergeboorte van die reënboognasie! Dan was 16 Junie nie tevergeefs nie.

*Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is 'n voormalige aktuarius van die NG Kerk.*

## Dinkstof: Verstaan die Ou Testament

# Die Bondsboek en die vreemdeling

SIAS MEYER

Suid-Afrika gaan moontlik al weer 'n fase binne waar 'n golf van xenofobie ons oorweldig. Die woord "xenofobie" veronderstel vrees vir die vreemdeling, maar die realiteit is meestal haat. Dit is duidelik dat die Ou Testament en ook die Tora hierdie verskynsel geken het. Ek het al hier geskryf oor die Heiligheidswetgewing en die vreemdeling, maar wat sê die oudste regsversameling in die Tora oor die onderwerp? Wat sê die Bondsboek?

Eers 'n woord van waarskuwing. Ons moet altyd baie versigtig wees om antieke tekste op vandag toe te pas, selfs al glo ons as Christene dat hierdie tekste gesag het vir ons. Net een voorbeeld: Ons onderskei vandag tussen wettige en onwettige immigrante of gebruik begrippe soos ongedokumenteerd en gedokumenteerd. Die Bondsboek ken nie hierdie onderskeid nie. Daar word nooit gevra hoekom die vreemdelinge daar is nie. Die Tora se reaksie is eenvoudig: Hulle is nou hier. Wat nou gemaak?

Die Bondsboek is te vinde in Eksodus 20:22 tot 23:33. Dit begin net na die Tien Gebooie en eindig voor die verhaal oor die verbondsluiting in Eksodus 24. Dit word gewoonlik gedateer tot die agste/sewende eeu vC. Die Bondsboek praat by drie geleenthede oor die vreemdeling: Eksodus 22:21, 23:9 en 23:12. In die eerste twee verse is die inhoud dieselfde.

Eers word die hoorders verbied om die vreemdeling te mishandel. Tweedens word daar op hulle medemenslikheid aanspraak gemaak: Onthou julle was self vreemdelinge in Egipte, julle weet dus hoe dit voel. Dit is 'n oproep tot empatie. Die derde vers is 'n herhaling van die Sabbatsgebod en onderstreep dat ook die vreemdeling op die dag moet rus. Die Sabbat is nie 'n geleentheid om hulle uit te buit nie.

In die geval van 22:21 word daar in die volgende vers ook verwys na ander weerlose mense in die antieke wêreld: weduwees en weeskinders. Ook hulle mag nie onderdruk word nie. Die Tora vind die uitbuiting van weerlose mense duidelik walglik. In vers 23 beloof die Here dat as die Israeliete hierdie weerlose mense gaan verdruk dan sal Hy hulle noodroep hoor en optree. Die volgende vers vertel van God se toorn wat ontbrand teen sy eie mense. Aan die begin van Eksodus het God juis sy eie mense se noodroep gehoor en sy toorn teen Egipte laat ontvlam. Nou word die rolle potensieel omgeruil. Die Bondsboek verstaan God se posisie as volg: Onthou wat Ek vir julle gedoen het. Onthou dat julle ook vreemdelinge was. Onthou dit alles as julle met weerlose mense omgaan!

Miskien moet ons politici wat so openlik vreemdelinge uitbuit om stemme te werf en om hulle eie politieke mag te versterk aan die Bondsboek herinner! God haat die uitbuiting van weerloses! Wees gewaarsku!

*Prof Sias Meyer doseer Ou Testament aan die Universiteit van Pretoria.*

# Dink eenheid, nie Vader óf Seun, óf Gees … – Coenie Burger oor vraag Wie God is

LE ROUX SCHOEMAN

As jy mense oor die kerk wil opgewonde maak, praat jy nie met hulle oor die kerk nie, jy praat met hulle oor God, het die teoloog en voormalige kerkleier dr Coenie Burger vandeesmaand by die sinodesitting van die NG Kerk Vrystaat gesê.

"Die Bybel is geskryf om ons oor God te vertel," het Burger gesê in 'n praatjie oor die tema: Wie is God? Oor die omvang van die onderwerp het Burger in sy gasrede voor 'n volgepakte saal op die Nampo-skougrond buite Bothaville gesê 'n mens voel eensyds aanmatigend om iets daaroor te wil sê, maar aan die ander kant is dit tog presies waaroor gelowiges moet besin.

Burger het geskerts dat vele mense glo soos eens oor wyle pres Eisenhower geskryf is, naamlik dat hy 'n vaste geloof in 'n vae oortuiging gekoester het ("he had a vague faith, to which he held very firmly).

"Oom Coenie", soos Burger algemeen bekendstaan, het by die teoloog David H Kelsey aangesluit om te sê daar is drie groot verhale in die Bybel. Die Ou Testament oor God die Vader, die Evangelies oor Jesus en, vanaf Handelinge oor die Heilige



Gees, het hy verduidelik. En soms ontwikkel daar by 'n mens 'n spanning oor die verskillende "prentjies" wat 'n mens uit die Bybel oor God kry. Tog is daar ten minste vier goed wat 'n mens oor God moet kan sê as 'n mens die Drie-eenheid (triniteit) deeglik probeer verstaan, volgens Burger.

God het nie net reëls gegee nie; Hy wil in 'n persoonlike verhouding met ons leef.

Die drie-enige God (Vader, Seun en Gees) is 'n God van gemeenskap. "Die Here los probleme op deurdat die Gees mense bymekaar bring," het Burger gesê.

Die "lewe van God bestaan in selfskenkende liefde waarvan die krag ook verwondbaarheid insluit".

Die drie-enige God is lewend en kan nie net die moontlike nie, maar ook die onmoontlike doen.

# Gestuur, gevorm, geroep

Bedieningsontwikkeling is die teenvoeter vir geestelike leiers wat uitgebrand raak, ontoereikend en uit voeling voel met die uitdagings van die tyd. **Annabelle Lombard** gesels met **Tom Smith** oor 'n lewenswyse van gestuurdheid.



Dr Tom Smith is hoof van Excelsus, die NG Kerk se Sentrum vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) in Pretoria en ook gekoppelde leraar by Fontainebleau Gemeenskapskerk.

Hy is een van daardie mense wat elke mens laat voel asof jy 'n kosbare bydrae het om te lewer vir die koninkryk. Sy deur is altyd oop – veral as jy oor roeping of toerusting wil gesels. In my onlangse kuiertjie by hom in die Teologie-fakulteit van UP, ontdek ons dat ons albei eerstejaarseuns het wat hulle eerste dag op kampus beleef en ek ontmoet ook sy seun Liam – 'n teologiestudent.

In die lug is daar is 'n heerlike atmosfeer en jeugdige energie wat aansteeklik is. Ons gesels oor die waarde van persoonlike groei dwarsdeur jou lewe en die genadegawe van 'n leergemeenskap wat jou uitdaag en ondersteun.

Ons praat oor bedieningsvreugde, dissipelmaking en die suiwer vreugde wat opgesluit lê in die oordra van kennis en goeie nuus. As jy net een ander persoon kan beweeg, inspireer of help … En dit is presies wat sy werk by Excelsus elke dag doen.

Hy vertel met groot entoesiasme dat Excelsus een van drie leergemeenskappe is in vennootskap met die NG Kerk se taakspan: VBO. Excelsus is een van die sentra en bedien die sinodes van Hoëveld, Goudland, Oostelike, Noordelike, KZN en die Noord-Kaap. Didasko het laasjaar ontstaan en bedien die Vrystaatse sinode. Communitas bedien die Wes-Kaap se Sinode. Daar is ook 'n nasionale taakspan wat deur elke sinode verteenwoordig word, wat saam beplan en werk aan die kerk se VBO.

Die taakspan het pas sy nuwe prospektus bekendgemaak en gemeentes en leiers kan lank vooraf beplan en begroot vir die groot verskeidenheid opleiding wat die jaar aangebied word. VBO is in sy wese 'n taakspan wat duisende dissipels toerus om beter dissipelmakers te wees. By VBO en sy vennote is toerusting en groei nie net 'n filosofie nie, maar 'n formele program wat leraars, gemeentepersoneel, gemeenteleiers en gewone lidmate toerus met inligting, kennis en praktiese vaardighede in die bediening.

VBO-aktiwiteite sluit in kursusse en werkswinkels; aanlyn leer; konferensies en seminare; mentorskap, leergemeenskappe; retreats en boekbesprekings.

**Meer as net VBO-PUNTE**

Predikante verdien VBO-punte vir deelname aan goedgekeurde aktiwiteite. Hierdie punte word aangeteken en is 'n vereiste vir die behoud van ampsbevoegdheid. "Maar dit gaan oor baie meer as net punte," sê Smith. Hy eggo die woorde van prof Malan Nel wat die nasionale taakspan in 2007 op die been gebring en gekoördineer het: "Dit gaan daaroor dat ons aanhou om toegerus te word as dienswerkers om dissipels te maak en self beter dissipels te wees." Dissipelskap en dissipelmaking het nie 'n eindbestemming waar jy ooit kan arriveer nie. Dit is 'n lewenswyse en 'n ingesteldheid as gestuurde. Vandaar ook die leuse: Gestuur, gevorm, geroep. VBO ondersteun leraars in die bediening en verskaf navorsing en hulpbronne van onskatbare waarde. Hulle oorbrug die skakel tussen die akademie en die praktyk en maak seker die kerk bly dinamies aan die beweeg. Smith voel ook dit is deel van 'n predikant se geskenk aan 'n gemeente om hom- of haarself en die gemeenteleiers toe te rus tot dienswerk.

**Leergierigheid in gemeentes**

VBO bedien ook nie net leraars nie. Al die navorsing wêreldwyd oor voortgesette bedieningsontwikkeling in kerksisteme dui daarop dat die gemeentes wat floreer altyd deel is van 'n leergemeenskap waar nie net die dominee inligting kry nie, maar wat die hele gemeente insluit.

VBO se raamwerk berus op drie bene: wie ek is en word, wat en hoe ek glo en wie en hoe ek dien (dikwels genoem Etos, Logos, Patos, die Griekse woorde wat verband hou met geloofwaardigheid, rede en emosie). Die leerproses word verdeel in basiskennis, vaardighede, ingesteldheid en oordraagbare gewoontes.

As 'n mens loer na Excelsus se jaarprogram kan jy die balans sien tussen beste bedieningspraktyke wat gedeel word met mekaar, toegang tot die nuutste akademiese navorsing en wonderlike geleenthede waar leiers netwerke kan bou en verryk en verfris kan word om met nuwe entoesiasme en energie te kan terugploeg in hulle bedienings.

**Bewustheid en betrokkenheid**

Bedieningsontwikkeling is die teenvoeter vir geestelike leiers wat uitgebrand raak, ontoereikend en uit voeling voel met die uitdagings van die tyd. Dit is die antwoord op leiers wat geïsoleerd in 'n klein plattelandse gemeente werk. Kerkrade en bedieningsbesture kan vrywilligers toerus met vaardighede, selfs al werk hulle voltyds. Die meeste van die kursusse word aanlyn aangebied en opnames kan selfs later gekyk word.

Dit behoort elke sinode, kerkraad en leierspan se prioriteit te wees om mense aan te moedig om deel te neem aan VBO se bediening aan gemeentes. En dit is baie belangrik vir geestelike leiers om op die uitkyk te wees vir geleenthede en toerusting om hulleself en ander te verryk.

Vanjaar kan gemeentes uitsien na aanbiedings oor missionale gemeentes, sistematiese en praktiese teologie, inspirerende leierskap, geloofsritmes, die Ou en Nuwe Testament, historiese teologie en spelterapie vir predikante. Daar is ook 'n nasionale saamtrek vir predikante en diensleraars by Goudini in Augustus.

Gemeentes het ook toegang tot hulpbronne soos Nel se splinternuwe Dissipelskapreeks vir lidmate. Hou gerus *Kerkbode* dop vir meer inligting, terugvoer en nuus oor Excelsus se leer- en toerustingsgeleenthede.

Smith stuur my uit met 'n gebed vir ons albei se kinders en bedienings en die woorde wat by my en elke leser behoort te draal: "as iets jou binneste roer, of iets in jou wakker gemaak word … dis roeping. Wat gaan jy daarop antwoord?"

*Annabelle Lombard is deel van die bedieningspan by Skuilkrans NG Gemeente.*

# 'n Uitnodiging om anders oor God te dink




***Geloof in God is poësie*** **deur Danie van Zyl**
**Uitgewer: Turksvy Publikasies, 2026**
**Resensent: Ernst Conradie**

Turksvy Publikasies staan skrywers by wat die roete van selfpublikasie wil volg. Groter uitgewers word oorval met manuskripte en dit is nie vir hulle moontlik om alle goeie boeke bekostigbaar uit te gee nie. Daar is wel 'n fooi aan verbonde om te help met die proeflees, uitleg, registrasie en drukwerk van manuskripte. Skrywers (eerder as lesers) betaal daarvoor. Behalwe vir die uitgewer se webwerf is skrywers dan self verantwoordelik vir bemarking en verspreiding. Op hierdie manier word boeke gepubliseer wat nie andersins beskikbaar sou wees nie. *Geloof in God is poësie* is 'n goeie voorbeeld hiervan.

Danie van Zyl was vroeër 'n predikant in die Transkei, werk veral in die veld van Ou Testament en was vir baie jare betrokke by die Sokhanya Bible School. Soos ander kollegas probeer hy na aftrede om steeds na te dink oor die inhoud van sy geloof, bediening, sy liefde vir die Bybel, sosiale kwessies en die intellektuele uitdagings wat saamhang met veranderende wêreldbeskouings. Hy bring dit alles bymekaar in hierdie bydrae om homself, die mense rondom hom en ander wat belangstel te help om met hierdie soort vrae te worstel.

Met die titel *Geloof in God is poësie* neem Van Zyl 'n duidelike posisie in, naamlik dat geloof nie iets is wat ten beste in wetenskaplike kennis, dogmatiese uitsprake of selfs persoonlike ervarings uitgedruk kan word nie. Om geloofstaal te verstaan, moet 'n mens die metaforiese aard van enige taal begryp. Dit is skeppend van aard. Hy verstaan God as Skepper, daarom as Digter, amper letterlik as Poëet. Hierdie oortuiging vloei oor in die soms digterlike, selfs liriese toonaard van dele in die boek.

Die boek is ingedeel in drie afdelings: 1) Hoe dink en praat ons oor God? 2) Kan ons anders oor God dink? en 3) Die Bybel as "Woord van God". In die bespreking kom 'n wye verskeidenheid temas aan die orde – oor die Bybel en die verskillende literatuursoorte daarin, Genesis 1-3, die Psalms, die geskiedenis van nadenke oor God, die uitdagings van filosofie en wetenskap en dan klassieke dogmatiese temas soos openbaring, die inspirasie en gesag van die Skrif, skepping, erfsonde, lyding, ellende, dood, verlossing, verkiesing, voleinding (eskatologie), hemel en hel, die godsleer, Christologie, Pneumatologie, engele, die duiwel en wat nog meer as "verwante kwessies".

Hy dui strykdeur aan hoe die betekenis van hierdie temas verdraaid geraak het deur die loop van die eeue. Uiteraard is dit nie moontlik om al hierdie temas binne die bestek van net meer as 200 bladsye in diepte te bespreek nie. Die bedoeling is egter nie om uitsluitsel oor alles aan te bied of selfs te soek nie. Dit is eerder om vrae aan die orde te stel en doodloopstrate aan te dui – wat dan dien as 'n uitnodiging aan ander om saam verder daaroor na te dink.

Ek wil ten slotte 'n bietjie tong in die kies 'n waarneming maak. Die woord dogma word in verskillende vorme 'n stuk of 30 keer in die boek gebruik en dan omtrent uitsluitlik in 'n negatiewe sin. Dit is verstaanbaar, want onder dogmatici word die woord dogma (of selfs leerstellinge) ook dikwels bevraagteken. Die meeste sistematiese teoloë wat ek ken sal daarop aandring om sisteemdenke te vermy.

Wat opval van hierdie boek is hoedat iemand wat geskool is in Ou-Testamentiese studies bereid is om uit te reik en temas aan die orde te stel wat in die tradisionele veld van dogmatiek val. Dit lok nie net verdere gesprek tussen dissiplines uit nie, maar maak dit ook moontlik. Dit is dan ook die welkome bydrae van hierdie boek.

Beskikbaar by Turksvy Publikasies.

*Prof Ernst Conradie doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland.*

# Digitale dinge: Slim wenke wat vermy om prekerig te klink




***Skermslim – 'n Gids vir veilig speel in die digitale ruimte*** **deur Estée Cockroft en Christine van Aardt**
**Uitgewer: Lapa, 2026**
**Resensent: Rethie van Niekerk**

*Skermslim* is 'n uitstekende, toeganklike bron wat kinders op 'n vermaaklike manier toerus vir die digitale wêreld. Met 'n goeie skeut humor, informele grafika en 'n maklik leesbare styl en uitleg, is dit 'n kosbare bron vir aanlyn veiligheid.

Die skrywers praat oor temas soos digitale voetspore en jou aanlyn reputasie. Hulle verduidelik hoe om skadelike inhoud te vermy en wat om te doen as jy "riool" gesien het. Daar is eenvoudige inligting oor hoe data werk en gestoor word. Kuberboelie word nie net verduidelik nie – daar word ook riglyne gegee vir as dit met jou gebeur. Sosiale media, geestesgesondheid, persoonlike versus privaat inhoud, aanlyn speletjies, kunsmatige intelligensie en die aandag-ekonomie kom alles speels dog bemagtigend ter sprake. Daar word ook gesels oor hoeveel tyd 'n mens op digitale platforms kan deurbring.

Ek skat kinders sal aanvanklik sug oor die "preek-boek" wat hulle in die hand gestop word, maar gou-gou meegesleur word deur die verteltrant en interessante inhoud.

Daar is hier en daar QR-kodes na aktiwiteite, maar nie een van hulle het gewerk nie ("site can't be reached").

Beskikbaar by loot.co.za.

*Ds Rethie van Niekerk is predikant by die NG Gemeente Driehoek in Vanderbijlpark.*

**NG MOEDERGEMEENTE LADYBRAND**

**VAKATURE: VASTETERMYNPOS**

Die kerkraad van Ladybrand Moedergemeente adverteer met groot afwagting die leraarspos by ons gemeente.

**GEMEENTEPROFIEL:**
Die NG Moedergemeente Ladybrand is 'n plattelandse gemeente, geleë in die Suidoos-Vrystaat teen die Lesothogrens. Ladybrand is ongeveer 130 km vanaf Bloemfontein en 160 km vanaf Bethlehem. Die gemeente bestaan uit 383 belydende lidmate en 107 dooplidmate. Die gemeente se samestelling is multikultureel.

**Ons is opsoek na iemand wat die volgende eienskappe het:**
- 'n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig het.
- Mooi menseverhoudinge kan bou en alle mense met respek en liefde kan hanteer.
- Meelewend kan wees in 'n plattelandse gemeenskap met sy besonderse uitdagings.
- Die Gereformeerde belydenisgrondslag onderskryf.

**WERKSPROFIEL:**
- Artikel 9 van die Kerkorde sal dien as raamwerk vir al die verantwoordelikhede.
- Die persoon moet in 'n span kan saamwerk en verkieslik betrokke raak in die breë gemeenskap.
- Dinamies en aktuele prediking wat Skrifgetrou is kan aanbied.
- Pastorale ondersteuning aan die gemeente en gemeenskap kan bied.

**Wat is vir ons belangrik:**
1. Ons gebruik tans nog 'n orrel en sing Liedboek, Flam en Vonkk-liedere. Dit word ondersteun deur 'n musiekspan wat dien as voorsangers.
2. Die Lidia-tehuis vir bejaardes en Die Gedenk-Kinderhuis is ook deel van ons gemeente en moet ook besoek en bedien word.
3. Die gemeenskap van Mauersnek maak ook deel uit van ons gemeente .

**VERGOEDING:**
- Volledige pakket is onderhandelbaar met die sinodale skale as riglyn.
- 'n Pastorie OF verblyf toelaag is beskikbaar.

**AANSOEKE:**
Aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV en kontakbesonderhede van ten minste twee verwysings. Alle gelegitimeerde leraars is welkom om aansoek te doen. E-pos: kerk@ngmoeder.com Aansoeke sal vertroulik hanteer word.

**SLUITINGSDATUM: 31 JULIE 2026.**

**DIENSAANVAARDING:** 1 JANUARIE 2027.

**Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za** Hierdie kennisgewings is op 19 Junie 2026 opgedateer.

**BEROEP**
Ds WA (Willem) Badenhorst van Moreletapark na Lichtenburg; ds AD (Attie) Botha (emeritus) van Jansenville na Albanie; ds A (Anandie) Greyling van Pierre van Ryneveld na PSD Gemeentebegeleiding, Wes-Kaapland; prop C (Christian) Heath na Brandvlei; ds L (Leonie) Johnson van Haakdoorn as tentmaker na Waverley; prof JG (Jannie) le Roux (emeritus) na Helderberg; ds K (Kirsten) Small van Kogelberg (Kleinmond) na Kanoneiland; dr H (Hancke) van Blerk (emeritus) vroeër van Piet Retief na Smithfield; ds G (Gustav) van Zyl van NHKA Phalaborwa na NGK Phalaborwa; ds FC (Tiaan) Victor van Standerton-Wes na Die Strand; ds L (Lizette) Viviers van Richmond na Birchleigh.
**AANVAAR**
Ds WA (Willem) Badenhorst van Moreletapark na Lichtenburg; ds JA (Driaan) Britz van Rustenburg-Suid na Pretoria-Tuine; ds GJ (George) Hugo (emeritus) na Pofadder; prof JG (Jannie) le Roux (emeritus) na Helderberg; prop LQ (Lourens) Laureti as diensleraar na Eendracht; ds K (Kirsten) Small van Kogelberg (Kleinmond) na Kanoneiland; dr H (Hancke) van Blerk (emeritus) vroeër van Piet Retief na Smithfield; ds L (Lizette) Viviers van Richmond na Birchleigh.

## WES-KAAPLAND
**BENOEMING**
Die NG Kerk Wes-Kaapland maak bekend dat by 'n benoemingsvergadering gehou op Vrydag 29 Mei ds Anandie Greyling, tans leraar by NG Gemeente Pierre van Ryneveld, benoem is as PSD: Gemeentebegeleiding. (Dr Rudolph Scharneck, skriba: Sinode van Wes-Kaapland, 29.05.2026).
**BEROEP**
Ons wil Kerkbode graag in kennis stel dat ons gemeente op 2 Junie 2026 'n beroepingsvergadering gehou het, waartydens ds Tiaan Victor van Standerton-Wes beroep is na die NG Gemeente Die Strand. (Elrise Myburgh, sekretaresse: NG Kerk Die Strand, 03.06.2026).
**AANVAAR**
Hiermee deel ons dankbaar die volgende: Ds George Jozua Hugo (emeritus) het op 2 Junie 2026 die beroep na NG Kerk Pofadder aanvaar. (Alta Kruger, NG Kerk Pofadder, 02.06.2026).
Prof Jannie le Roux (emeritus) vroeër van Gordonsbaai het 'n beroep na die NG Kerk Helderberg as deeltydse leraar vir die Hoop Geloofsgemeenskap aanvaar. Hy word op 21 Junie 2026 by Hoop Geloofsgemeenskap bevestig. (Marisa Viljoen, predikantekoördineerder, 17.06.2026).
**EMERITAAT**
Dr Quintus Heine het sy afskeidpreek by Parke-gemeente (Kraaifontein) gelewer op 31 Mei 2026. Die Akte van Demissie is tydens die oggenddiens aan hom oorhandig. Dr Heine was voltyds predikant by Parke-gemeente van 2002 tot 2011 waarna Parke-gemeente hom uitgestuur het na die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gedurende hierdie tydperk was hy steeds gekoppel aan Parke-gemeente. (Annamarie Louw, Parke-gemeente, 01.06.2026).

## OOS-KAAPLAND
**BEROEP**
Hiermee gee die kerkraad van NG Kerk Albanie kennis dat ds Arthur Daniël Botha (Attie) op 27 Mei 2026 beroep is vanaf die NG Gemeente Jansenville as voltydse predikant. Ons vertrou die Here se leiding in hierdie proses en vra vir voorbidding. (Mariëtte Barnardt, skriba/kassier: NG Kerk Albanie, 29.05.2026).

## NOORD-KAAPLAND
**BEROEP**
Proponent Christian Heath is beroep na NG Kerk Brandvlei. (Elsie Fölscher, skriba: NG Kerk Brandvlei, 05.06.2026).
**BEVESTIGING**
Die Ring van Kenhardt deel met dankbaarheid die nuus van die bevestiging van ds Kirsten Smal as leraar van NGK Kanoneiland. Hierdie bevestiging is 'n besondere mylpaal vir die gemeente, die gemeenskap van Kanoneiland en die Ring van Kenhardt. Ds Kirsten aanvaar 'n unieke bediening as gemeenteleraar van NG Kerk Kanoneiland sowel as arbeidspredikant in die Oranjeriviergebied. Ons verwelkom haar met groot vreugde en sien met verwagting uit na die pad wat die Here saam met haar, die gemeente en die gemeenskap gaan stap. (Ds Annatha Nel, voorsitter: Ring van Kenhardt, namens die Ringskommissie van Kenhardt, 08.06.2026).

## VRYSTAAT
**AANVAAR**
Emeritus-leraar dr Hancke van Blerk, vroeër van die NG Gemeente Piet Retief, het die beroep na die NG Gemeente Smithfield aanvaar. Hy word op Sondag 5 Julie 2026 in die gemeente bevestig. (Lynne Rapson, skriba: NG Gemeente Smithfield, 03.06.2026).
**BEVESTIGING**
Dr Antoinette Wilson en ds Fred Wilson is op 2 November 2025 by NG Kerk Bothaville-Noord bevestig as leraars. (Annesia Snyman, saakgelastigde: NG Gemeente Bothaville-Noord, 09.06.2025).
Dr Suzanne Cicilia van der Merwe van die NG Gemeente Kroonstad-Noord het die beroep na die NG Gemeente Universitas-Wes, Bloemfontein aanvaar. Sy word op Sondag 5 Julie 2026 in die gemeente bevestig.
(Ria de Wet, administratiewe bestuurder: Universitas-Wes, 19.05.2026).

## GOUDLAND
**BEROEP**
Ds Willem Abraham Badenhorst van Moreletapark is tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering van 24 Mei 2026 na Lichtenburg Moedergemeente beroep in 'n gekoppelde pos (Reglement 19 Kerkorde). (Ds BC Botha, ringskriba: Ring van Lichtenburg, 26.05.2026).
**AANVAAR**
Ds Willem Abraham Badenhorst het die beroep na Lichtenburg Moedergemeente aangeneem en word op 21 Junie 2026 bevestig as leraar in 'n gekoppelde pos (Kerkorde Reglement 19). (Ds BC Botha, ringskriba: Ring van Lichtenburg, 15.06.2026).

## NOORDELIKE
**BEROEP**
Ds Leonie Johnson van Haakdoorn is beroep as tentmaker na NG Gemeente Waverley. (Dalene Myburgh, saakgelastigde/skriba: NG Gemeente Waverley, 10.06.2026).
**AANVAAR**
Die kerkraad van NG Pretoria-Tuine maak bekend dat ds JA (Driaan) Britz van die NG Gemeente Rustenburg-Suid die beroep na ons gemeente aangeneem het. (Marlia Rotteveel, skriba: NG Gemeente Rustenburg-Suid, 27.05.2026).
**EMERITAAT**
Die Ring van Suidoos-Pretoria het op 22 Mei 2026 aan dr MG (Marius) Swanepoel 'n akte van demissie by emeritaat oorhandig. (Ds Ernst van Wyk, skriba: Ring van Suidoos-Pretoria, 22.05.2026).

## HOËVELD
**BEROEP**
Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Birchleigh het op 25 Mei 2026 vir ds L (Lizette) Viviers beroep as voltydse leraar, vanaf Richmond, Noord-Kaap. (Susan Moolman, tesourier: NG Gemeente Birchleigh, 26.05.2026).
**AANVAAR**
Ds L (Lizette) Viviers, voorheen van die NG Gemeente Richmond, het die beroep na die NG Gemeente Birchleigh aanvaar.
(Susan Moolman, tesourier: NG Gemeente Birchleigh, 11.06.2026).
**BEVESTIGING**
Die bevestiging van prop Lourens Laureti as diensleraar by die NG Gemeente Eendracht is op 19 April waargeneem deur ds Diedrich Kleynhans. (Janita Aspelung, skriba: NG Gemeente Eendracht, 27.05.2026).

## OOSTELIKE
**BEROEP**
Ons gemeente het ds Gustav van Zyl van die Hervormde Gemeente Phalaborwa na ons gemeente beroep. (Yolandi Bronkhorst, saakgelastigde: NG Kerk Phalaborwa, 02.06.2026).




## NG GEMEENTE PAARDEKRAAL-MONUMENT

### VASTETERMYN VOLTYDSE KONTRAK (DRIE JAAR)

**Sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie 2026**

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad van NG Gemeente Paardekraal-Monument in Krugersdorp (Wesrand) bogenoemde vakature bekend en nooi gelegitimeerde leraars van die NG Kerk uit om vir die pos aansoek te doen.
Die kerkraad skep hiermee, in ooreenstemming met Reglement 16 van die Kerkorde van die NG Kerk, 'n voltydse vastetermynpos vir 'n tydperk van drie (3) jaar.

Ons is op soek na 'n leraar met 'n pastorale hart en gevestigde bedieningservaring wat saam met ons:

- na God wil luister;
- geestelike onderskeiding wil beoefen;
- in geloof wil groei;
- mense wil toerus vir dienswerk;
- en 'n missionale leefwyse wil uitleef.

**Gemeenteprofiel**
NG Gemeente Paardekraal-Monument is 'n tradisionele, toegewyde NG gemeente wat lief is vir die Here. Ons groei in geloof deur die Here se leiding en glo dat ons uit die ervaringe op ons pad kan leer. Ons bly nederig om by God en mekaar te leer, in liefde te groei en mekaar op te bou in ons geloofsreis sodat die wêreld Christus deur ons kan leer ken. Verdere geloofsgroei word gestimuleer deur die uitbreiding van kleingroepe en Bybelstudiegroepe.

Prediking moet God se Woord vir mense toeganklik maak en daarom Skrifgetrou, deurleef, toepaslik en aktueel wees om by te dra tot geloofsvorming en -verdieping. Gepaste musiekbediening as deel van lofprysing is vir ons belangrik. Ons begeleiding wissel van tradisionele orrelspel tot Clavinova en kitaar.

'n Groot aantal van ons lidmate is ouer en het behoefte aan pastorale bediening en persoonlike kontak. Die leierskap is jonk, passievol en dinamies.

Gemeentebetrokkenheid vind plaas deur vrouediensaksies, Bybelstudie en barmhartigheidsprojekte.

Ons missionale hartklop vind praktiese neerslag in die voorsiening van weeklikse maaltye aan inwoners van Appelpark, die maandelikse verskaffing van toiletware aan Tower of Life-manskuiling en Luipaardsvlei Tehuis vir Bejaardes, asook die ondersteuning van die kinders van Bethany House deur onder andere fondsinsamelingsprojekte.

Ons is 'n sosiale gemeente wat graag saam kuier, soos gesien in die entoesiastiese bywoning van ons sop-en-sjerrie-aande, pretaande, basaar, opelug nagmaal en saamkuier oor 'n koppie tee na die diens.

**Bedieningsfokus van die vastetermynpos**
Die fokus van die vastetermynpos is:

- Skrifgetroue Woordbediening;
- pastorale versorging en teenwoordigheid;
- geloofsvorming en dissipelskap;
- ontwikkeling van kleingroepe en gemeentebou;
- toerusting van gelowiges vir dienswerk;
- en verdieping van die gemeente se missionale betrokkenheid.

**Leraarsprofiel**
Ons soek 'n leraar wat:

- 'n opregte, lewende en persoonlike verhouding met die drie-enige God het wat sigbaar word in Woordbediening, pastorale sorg en die toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk in die wêreld;
- gemaklik in spanverband saamwerk met die kerkraad en bestaande gemeentebedieninge;
- inisiatief neem om nuwe bedieningsgeleenthede te ontwikkel en voortbou op die bestaande karakter van die gemeente;
- alle pligte soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde sal nakom.

Ervaring as enkelleraar in 'n gemeente sal tot aanbeveling strek.

**Algemene Inligting**
Vergoeding: Tot en met kerfvlak ses (ATP-riglyne) – onderhandelbaar volgens sinodale riglyne. Pastorie: Beskikbaar.

Gelegitimeerde leraars word genooi om aansoek te doen. Alle aansoeke sal nagegaan word om te verseker dat aan die vereistes van die Kerkorde voldoen word.

Vra asseblief 'n aansoekvorm aan by die voorsitter van die pre-advies kommissie, Cornell Solomon (cornellsolomon2@gmail.com) en stuur die voltooide vorm saam met 'n verkorte CV (maksimum drie bladsye) na dieselfde eposadres.

**Navrae**

| | | |
|---|---|---|
| Voorsitter van die pre-advieskommissie | Cornell Solomon | 083 388 3999. |
| Voorsitter van die kerkraad | Janus de Jager | 082 855 9908. |

**POPIA-verklaring**
Deur vir hierdie pos aansoek te doen en jou CV saam met die aansoekvorm in te dien, bevestig jy dat jy jou persoonlike inligting vrywillig verskaf het en dat die inligting volledig en akkuraat is.
Die Pre-Advieskommissie van NG Gemeente Paardekraal-Monument onderneem om, in ooreenstemming met die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013 (POPIA), hierdie inligting slegs te gebruik met die oog op die aanstelling van 'n leraar in die gemeente. Die inligting sal nie aan enige derde partye bekend gemaak word nie.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

## RING VAN HANOVER

### Vakature: Brugleraar (ses tot nege maande) vir drie klein gemeentes in die Ring van Hanover

**Leraarsprofiel:**
Die Ring van Hanover beleef hierdie laaste twee jaar groot uitdagings, veral die drie gemeentes Petrusville, Petrusville-Uitsig en Vanderkloof.

Alhoewel hierdie gemeentes klein is en die uitdagings groot, is ons opgewonde oor die bedieningsmoontlikhede hier in die Groot-Karoo. Ons benodig 'n brugleraar wat saam met die drie gemeentes 'n pad kan stap, hulle kan lei en bemagtig, en saam met hulle kan droom oor hoe die toekoms kan lyk vir die gemeentes en dorpe.

In biddende afhanklikheid stel die Ring van Hanover bogenoemde pos bekend en nooi gekwalifiseerde persone, wat daartoe geroepe voel, uit om aansoek te doen.

**Vergoeding:**
Onderhandelbaar en word bepaal deur die gemeentes se finansiële vermoëns.

**Aansoeke:**
Aansoeke moet vergesel word deur 'n volledige CV met minstens drie verwysings.
Aansoeke word gerig aan die skriba van die Ring van Hanover, Madeleine Hattingh: ngkerkdeaar@gmail.com

**Sluitingsdatum: 5 Julie 2026.**
**Diensaanvaarding:** So gou moontlik na die geskikte kandidaat beroep is.

Enige navrae kan gerig word aan die voorsitter van die Ring van Hanover Jannie van der Walt, kontaknommer 076 941 4297.

## NG GEMEENTE UITENHAGE-NOORD

### VAKATURE: PREDIKANT (ONBEPAALDE TERMYN)

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Julie 2026.**

Die NG Gemeente Uitenhage-Noord, 'n voorstedelike gemeente in Kariega, Nelson Mandelabaai, nooi gelegitimeerdes van die NG Kerk om aansoek te doen vir 'n voltydse, onbepaalde termynpos. Ons leraar emeriteer in Februarie 2027. Ons vertrou dat die Here iemand sal stuur om voort te bou op ons geestelike reis met die Here.

**Gemeenteprofiel**
Uitenhage-Noord fokus daarop om Jesus in die praktiese lewe van elke dag te volg. Die gemeente funksioneer as 'n oop tafel van genade, liefde, aanvaarding en gehoorsaamheid waarby almal welkom is. Jong ouers en kinders is vir ons belangrik en 'n integrale deel van ons gemeente.

Eredienste is die hartklop van ons gemeente. Daarom word dit gekenmerk deur gasvryheid, verskillende bedieningspanne wat saam met die leraar verantwoordelikheid neem en 'n belewenis van die Here se lewende teenwoord

**Posvereistes**
Ons verwag nie 'n volmaakte mens wat alles alleen moet dra nie. Ons soek 'n geroepe, leerbare en egte leraar wat saam met ons kan groei, luister, dien en leiding gee.
Ons soek 'n leraar wat:

- Self 'n lewende verhouding met die Here het en God se wil soek.
- Met waardering aansluit by God se verhaal met Uitenhage-Noord.
- Van nature 'n spanspeler is.
- Mense help om tuis te voel en verder in hulle geloof te groei.
- Die Woord helder en inspirerend kan verkondig.
- Kinders, jeug en gesinne as 'n belangrike deel van die gemeente se roeping sien.

Ons is opgewonde oor die toekoms en sien groei as deel van ons roeping.

Die pligte behels Artikel 9 van die Kerkorde soos ooreengekom met die gemeenteraad.

**Vergoeding**
Die vergoeding is onderhandelbaar binne die sinodale riglyne en sluit gratis huisvesting in 'n pastorie, 'n reistoelaag en die ander vereiste byvoordele in. Die vergoeding kan binne die raamwerk van die wet gestruktureer word om aan die posbekleër se behoeftes te voldoen.

**Aansoek**
Aansoeke bestaan uit 'n dekbrief wat motiveer waarom jy jouself binne hierdie pos by Uitenhage-Noord sien en 'n CV met die name van drie referente.
E-pos jou aansoek aan noord@ngkok.co.za.
Aansoekers moet beskikbaar wees vir evaluering.

**Navrae:**
Voorsitter: Ds Tobie van Schoor, 079 877 8852, 2bvanschoor@gmail.com
Saakgelastigde: Me Rina Wait, 082 712 1641, noord@ngkok.co.za

*Die gemeenteraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

## Kontak ons

**Teken in op *Kerkbode:*** Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek **www.kerkbode.co.za**

**Redaksie:**
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na
kerkbode@tydskrifte.co.za

**Redakteur:**
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

**Uitvoerende joernalis:**
Heléne Meissenheimer
E-pos:
helene@bmedia.co.za

**Proefleser:**
Lambert Jacobs

**Projekkoördineerder**
Maryke Hansen
E-pos:
maryke@bmedia.co.za

**Advertensies en vakatures:**
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
vakatures@tydskrifte.co.za
**Medewerker**
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

**Kleinadvertensies en amptelike nuus:**
E-pos: kerkbode@tydskrifte.co.za

## NG GEMEENTE KOËS, NAMIBIË

### VAKATURE: VASTETERMYN KONTRAKPOS VIR TWEE JAAR

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van bedienaar van die Woord op 'n vastetermynkontrak van twee jaar met die opsie om dit verder te verleng.

**GEMEENTEPROFIEL:**
Koës is 'n plattelandse gemeente, geleë 130 km noordoos van Keetmanshoop in die suide van Namibië. Lidmaattal: 83 volwasse lidmate waarvan 35 ouer as 60 is. Vier wykbesoek-punte is in 'n radius van ±100 km.

**KANDIDAAT:**
Die ideale kandidaat sal 'n persoon wees wat lief is vir die platteland en sy mense, lewenslustig en gesond is en bereid is om baie grondpad te ry. Die kerkraad sal alle aansoeke oorweeg. Van die kandidaat sal verwag word om die gemeente te bedien in alle fasette van die ge-meentewerk soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.
Die gemeente het ook 'n aksie genaamd //Kharas Christi geloods wat opleiding aan gees-telike leiers uit alle denominasies aanbied. Die studentekorps se geletterdheid wissel van graad 4 tot individue met universiteitsgrade.

**VERGOEDING:**
Die vergoedingspakket, met ruim verlofvoorwaardes, is vasgestel op kerf 6 van die sinod-ale skaal van Namibië as riglyn. N$390 000.00 totale inkomste per jaar.

- Die gemeente beskik oor 'n ruim gemeubileerde pastorie.
- Gemeentevoertuig met vergunning vir beperkte privaatgebruik.
- Data wat deur die gemeente betaal word.

**AANSOEKE:**
Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV, twee onlangse getuigskrifte sowel as die name van minstens vier referente.
**SLUITINGSDATUM vir aansoeke: 30 Junie 2026** en kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud, kan ook via Zoom geskied.
Stuur aansoeke aan: **skribakoes@gmail.com**

**NAVRAE:** Leierouderling, Corlia Labuschagne, sel: +264 81 219 8492.
E-pos: corlia439@gmail.com

*Die kerkraad berhou die reg voor met aanstellings.*

## NG Kerk Rustenburg-Suid

### VAKATURE: VOLTYDSE ONBEPAALDE LERAARSPOS

Ingevolge die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk stel die kerkraad van NG Gemeente Rustenburg-Suid hiermee 'n vakature vir 'n voltydse, onbepaalde predikant bekend en nooi gelegitimeerde predikante van die NG Kerk, met ampsbevoegdheid, om hulle beskikbaarheid vir die beroep aan te dui.

**GEMEENTEPROFIEL**
NG Gemeente Rustenburg-Suid beskik oor 'n vakature vir 'n leraar om by ons aan te sluit in Rustenburg. Die gemeenteraad nooi hiermee kwalifiserende belangstellende kandidate uit om vir hierdie wonderlike geleentheid aansoek te doen.

"Jesus leef en ons met Hom" is die roeping waarop die gemeente al ons werksaamhede bou. Ons is 'n enkelleraargemeente en is op soek na 'n persoon met die roeping om 'n pad mee saam te stap vir wie God, die gemeente en gemeenskap 'n prioriteit is.

NG Gemeente Rustenburg-Suid is een van vier gemeentes geleë in Rustenburg, omring deur berge binne 'n produktiewe mynbou-omgewing. Ons werk in 'n gesonde verhouding saam met die ander NG gemeentes op ons dorp wat die gemeenskap verder versterk. Rustenburg is ongeveer 100 km vanaf Pretoria en beskik oor uitstekende laer- en hoër-skole. Die gemeente beskik oor goeie infrastruktuur wat aangewend word in die verkon-diging van die Woord.

NG Gemeente Rustenburg-Suid is 'n familiegesentreerde gemeente, wat mekaar dra en ondersteun. 'n Biddende en gestuurde gemeente.

**LERAARSPROFIEL**
Daar is 'n besondere behoefte aan:
- Skrifgetroue prediking.
- Berading.
- Pastorale sorg.
- Geestelike leiding.
- Gemeente-opbou binne 'n uitdagende sosio-ekonomiese konteks.
- Tegnologiese vaardigheid.

**VERGOEDINGSPAKKET**
Die pos is onderhandelbaar volgens kerklike riglyne. 'n Pakket in lyn met sinodale riglyne word aangebied. 'n Pastorie is beskikbaar.

**AANSOEKE**
Belangstellendes word versoek om die volgende elektronies aan te stuur:
'n Samevattende CV (maksimum drie A4-bladsye) met drie verwysings (vorige mede-leraar en kerkraadslede).
'n Onlangse kleurfoto van die kandidaat of, indien getroud, verkieslik 'n gesinsfoto.
Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt.

**SLUITINGSDATUM: 12 Julie 2026**

**AANSOEKE EN NAVRAE KAN GERIG WORD AAN:**
Driaan Britz – 083 232 4706 e-posadres: driaan@eeworks.org
Die datum van diensaanvaarding sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Deur die indiening van 'n CV, gee kandidate toestemming dat die inligting soos vervat in hulle CV, onderworpe aan die terme en bepalings van die POPI-wetgewing, deur gemeen-te Rustenburg-Suid gebruik kan word vir die keuringsproses..

*Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.*



## NG GEMEENTE TWEELING

### VAKATURE: LERAARSPOS

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir bogenoemde pos.

**Gemeenteprofiel**
Tweeling is 'n plattelandse gemeente geleë in die Noord-Oos-Vrystaat (tussen Reitz en Frankfort ±30 km vanaf beide. Naaste groot dorp is Bethlehem 80 km). Bogenoemde buurdorpe beskik oor puik skole en koshuise, dokters, hospitale. Die gemeente het tans plus minus 101 persone wat deelneem aan die kerklike aktiwiteite. Belydende lidmate 68, dooplidmate 15. Die gemeente is met die genade van die Here finansieel onafhanklik.

**Leraarsprofiel**
Die volgende is vir die kerkraad belangrik:

- Die aansoeker moet in 'n innige verhouding met die Here leef en oortuig wees van sy roeping
- Van die aansoeker word Skrifgetroue Woordverkondiging verwag wat entoesiasties aangebied word.
- Vaardigheid om oudiovisuele hulpmiddels te gebruik is 'n vereiste.
- Iemand wat geheg is aan die gereformeerde leer en die kerk se belydenisskrifte.
- Iemand vir wie huisbesoek en ander pastorale besoeke 'n prioriteit is. Veral bejaardes en verswaktes.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die boeregemeenskap en die wyer geloofsgemeenskap in die dorp.
- Posbeskrywing: Ooreenkomstig Artikel 9 van die Kerkorde.

Proponente, leraars of emeriti is welkom om aansoek te doen.

**Vergoedingspakket**
Onderhandelbaar met die Vrystaatse Sinode se voorskrifte as riglyn.
Gratis verblyf in ruim pastorie met gratis kragvoorsiening en gerugsteun met sonkragsisteem. Paslike toelae vir reiskoste word onderhandel.
'n Kontrak sal onderhandel word met 'n suksesvolle kandidaat.

**Aansoeke:**
Moet vergesel word van 'n CV en kontakbesonderhede van ten minste twee resente referente.
Rig aansoeke aan:

- Kantoor: skriba: 072 724 9237 / e-pos: ng2ling@email-sa.co.za
- Leierouderling: Deon vd Watt 082 783 6408.
- Konsulent: ds John Jackson 082 362 5084.

**Sluitingsdatum: 31 Julie 2026. Diensaanvaarding:** Onderhandelbaar.

**Naskrif:** Kandidate op kortlys moet vir onderhoud en preekbeurt beskikbaar wees.

## FEBA RADIO SA

### DIGITALE BEMARKER

FEBA Radio SA in Pretoria het 'n kantoor vakature vir 'n gekwalifiseerde digitale bemarker.

**Tegniese vaardighede**

1. Verdere ontwikkeling van digitale bemarkingsdepartement. van FEBA Radio SA.
2. Vaardighede: sosiale media- en digitale bemarking, SEO, SEM, Google-advertensies en advertensieveldtogte.
3. Adobe suite, ens: grafiese ontwerp, uitleg van gedrukte materiaal, opname en videoredigering.
4. Skep en redigering van kort videogrepe vir advertensie en ander doeleindes. Kennis van ontwikkeling van podcasts, ens sal sterk aanbeveling wees.
5. Grafiese ontwerp vir alle FEBA-publikasies, insluitend alle soorte e-posse en artikels
6. Algemene ervaring van webontwerp – genoeg om bestemmingsbladsye (landingpages, ens) te ontwerp en te publiseer.
7. Skepping van infografika.
8. Gebruik van Google analises en ander analitiese platforms om effektiwiteit te verhoog.
9. Ervaring van die stuur van bulk e-posse en – sms'e.
10. Vlot in Afr en Eng

**Persoonlike kwaliteite**

11. Relevante mediakwalifikasies – B graad of sertifikaat/diploma.
12. Bewese ervaring in bg take.
13. Goeie gesondheid.
14. Goeie bestuurs- en beplanningsvaardighede, selfgemotiveerd.
15. Uitstekende interpersoonlike vaardighede en goeie spanspeler met positiewe energie en houding.
16. Help met enige take soos nodig in spanverband.
17. Moet 'n aktiewe Christen wees verbonde aan gemeente met 'n passie vir evangelisasie en die werk van God se koninkryk.
18. Salaris bepaal deur aansoeker se kwalifikasies en ondervinding.

**Diensaanvaarding:** Onmiddelik.

**Sluitingsdatum: 15 Julie 2026.**

CV na: jvermeulen@febaradio.co.za, en verdere inligting by www.febaradio.co.za

## NG KERK SINODE HOËVELD

### ALGEMENE KANTOORBESTUURDER

Die Sinode van Hoëveld is daartoe verbind om gemeentes toe te rus om met geloof, hoop en liefde deel te neem aan God se sending in die wêreld. Ons glo dat die kerk op haar beste funksioneer wanneer gemeentes, ringe en die sinode saamwerk om geloofsgemeenskappe te ondersteun, leiers te ontwikkel en nuwe moontlikhede vir bediening te ontsluit.

Ons leuse, "Uit gemeentes, vir gemeentes, na die gemeenskap – tot eer van God," verwoord ons oortuiging dat die sinode bestaan om gemeentes te dien, te ondersteun en toe te rus in die uitleef van hulle roeping. Daarom werk ons daarna om deur vennootskap, diensbaarheid en verantwoordbare rentmeesterskap ruimtes te skep waarin gemeentes kan floreer en die evangelie met integriteit en hoop kan uitleef.

Die Sinode van Hoëveld nooi aansoeke in vir die pos van Algemene Kantoorbestuurder (AKB). 'n Pos is beskikbaar vir 'n algemene kantoorbestuurder by die Sinodale Kantoor, Gladiatorstraat 56, Rhodesfield, Kemptonpark.

**Pligte:**
Die AKB speel 'n sleutelrol in die ondersteuning van die sinodale dienskommissie deur die uitvoering van die SDK se beleide en die koördinering van die administratiewe sake wat die sinode se bediening en diens aan gemeentes moontlik maak, en:

a. oefen algemene toesig oor die sake van die sinodale kantoor uit;
b. vestig en handhaaf 'n doeltreffende en effektiewe bestuurstruktuur vir die sinodale kantoor;
c. hou as rekenpligtige amptenaar toesig oor die administratiewe en finansiële sake van die sinodale kantoor en bestuur dit met deursigtigheid;
d. raadpleeg die strukture van die SDK en adviseer dit dienooreenkomstig;
e. hou toesig oor die versorging van die eiendom van die sinode; en
f. bevorder en handhaaf 'n professionele, gesonde en verantwoordbare werksomgewing binne die sinodale kantoor.

**Posvereistes:**

- 'n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk.
- Bewese bestuurs- en administratiewe ervaring van ten minste vyf jaar.

**Salaris:** Onderhandelbaar tot die maksimum TKVI van die hoogste kerf van die Algemene Sinode se riglyne vir 'n predikant se vergoedingspakket.

**Onderhoude:** Indien kandidate op die kortlys vir die aanstelling is, sal die onderhoude op 23 Julie 2026 by die sinodale kantoor plaasvind.

**Kontakbesonderhede:** Rig navrae aan Alta Visser (altavisser2005@gmail.com) en stuur CV's aan pa@ngkhoeveld.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 10 Julie 2026.**

**Datum van aanstelling:** 1 September 2026.

*VAKANSIE-AKKOMMODASIE*

**JEFFREYSBAAI**
**SANDKASTEEL**
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.**

***Die volgende Kerkbode verskyn op 31 Julie 2026***





Vreemdelingehaat:

# Wat as dit 'ons' kinders is wat verjaag word?

HELÉNE MEISSENHEIMER

"Wat kyk jy?" Ek vra my man die vraag want ek hoor 'n geskree terwyl hy 'n video op sy selfoon kyk. "Dis kinders in Kraaifontein," kom sy kriptiese antwoord.

Ek sien later self van die video's. Dit wys honderde tieners wat chaos maak. Die kinders het, na wat berig word, van een skool na 'n ander gestap, maar toe ontaard hulle optog in 'n plundery van vrugtestalletjies en klippe wat na motors gegooi word. Die polisie het selfs 'n waterkanon ingespan voor vrede herstel kon word.

Ek lees die kinders het geskree: "Buitelanders moet gaan!"

Ek voel hoe raak ek koud in my hart toe ek dit lees.

Wat as daar van "ons" kinders in daardie skole was? Baie van die kinders in ons kerk se ouers is van ander Afrikalande. Sommige se stories breek jou hart. Van die ouers het dikwels met amper niks gevlug nie van 'n land vasgevang in 'n burgeroorlog wat reeds dekades duur. Hulle hoop was om in Suid-Afrika 'n veiliger plek te kry waar hulle kinders kan skoolgaan en grootword met 'n beter toekoms.

Die meeste is wettig hier. Hulle hou met groot gesukkel hulle "papiere" op datum. Die kinders gaan almal skool iewers in Parow of hier naby in die noordelike voorstede van die Kaap.

Ek dink aan Matthew*. Hy is nog op laerskool met twee ouer sussies. Een is op hoërskool. Hulle ouers kom uit Rwanda en is wettig in die land. Die pa werk iewers op 'n wynplaas en die ma doen naaldwerk. Matthew lyk soms hartseer as ek hom op 'n Saterdag optel vir die kinderprogram by die kerk. Dan sê hy kinders was weer lelik met hom by die skool.

Joy kom gee 'n mens altyd 'n drukkie. Sy is sewe, hou van mooi aantrek en baie maats maak. Haar ouers is van die DRK. Haar pa is 'n elektrisiën en haar ma doen hare. Haar maatjies by die kerk is Marianne en Abigail. Ook hulle ouers kom van die DRK behalwe dat Abigail se ma van Angola is.

Ons het ook Suid-Afrikaanse ouers en kinders wat lidmate by ons kerk is, maar hulle kinders is meestal nog voorskools.

Dit is nou so agt jaar wat ons by hierdie voorstedelike gemeente is. Soos ek elkeen van die "buitelanders" in ons kerk se storie leer ken het, het hulle mense geword waarvoor ek lief is. Mense met name. Mense wat my WhatsApp en vra hoe gaan dit as ek op 'n Sondag nie by die kerk was nie.

Hulle is mense met dieselfde drome en vrese as ons.

Xenofobie beteken om bang te wees vir mense wat vir jou vreemd of onbekend is. Hierdie mense kom van Afrika. Ons deel dieselfde vasteland. So ek verstaan nie hoekom praat ons van "buitelanders" nie. Dit laat dit amper klink asof hulle van 'n ander planeet af kom.

Om te praat van "buitelanders" en "vreemdelingehaat" skep afstand – 'n afstand wat gefrustreerde mense kan laat voel hulle het toestemming om stief of lelik met iemand te mag wees.



Ek sal nooit ons eerste Oujaarsaand hier in die Kaap vergeet nie. 'n Portuguese gemeente het ons genooi. Die meeste van hulle lidmate is van Angola of Mosambiek. Wat 'n kulturele skok om 'n kerkfunksie by te woon waar 'n mens tot middernag toe allerhande hoender- en visgeregte eet terwyl jy na koor op koor luister! Maar wat my regtig bygebly het was die pastoor se woorde aan ons na die tyd. Hy het gesê dankie dat julle gekom het, ons het gevoel iemand sien ons raak.

Ons land het vir seker 'n geweldige uitdaging met onwettige immigrante. Dit moet aangespreek word. Op die regte wettige manier. Maar om mense uit hulle huise te verjaag en hulle besighede te plunder is onmenslik. Ons as Suid-Afrikaners kan beter doen as dit. Verdien die Matthew's en Joy's nie ook 'n veilige plekkie om kind te mag wees nie?

*Skuilname is gebruik.*